

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



**KEN
EN
VERTROU**

INLEIDING TOT DIE BOEKE VAN DIE BYBEL

ds. J. J. van der Walt

EN

DIE DORDTSE LEERREËLS

dr. G. C. P. van der Vyver

Inhoud

INLEIDING TOT DIE BOEKE VAN DIE BYBEL.....	5
VOORWOORD	6
GENESIS.....	7
EXODUS	9
LEVITIKUS	10
NÚMERI	11
DEUTERONOMIUM	12
JOSUA	13
RIGTERS.....	15
RUT	16
1 en 2 SAMUEL	17
1 en 2 KONINGS	18
1 en 2 KRONIEKE	19
ESRA.....	20
NEHEMIA	22
ESTER	23
JOB	24
PSALMS	26
SPREUKE	28
PREDIKER	29
HOONGLIED.....	30
JESAJA	31
JEREMIA.....	33
KLAAGLIEDERE	35
ESÉGIËL	36
DANIËL.....	37
HOSEA.....	39
JOËL	40
AMOS.....	41
OBADJA	42
JONA.....	43
MIGA	44
NAHUM	45
HÁBAKUK	46
SEFANJA	47
HAGGAI.....	48
SAGARIA.....	49
MALEAGI.....	50
MATTHÉÛS.....	51
MARKUS	52
LUKAS.....	53
JOHANNES.....	54
HANDELINGE	55
ROMEINE.....	56
1 en 2 KORINTHIËRS	57
GALASIËRS	58
EFESIËRS.....	59
FILIPPENSE.....	60
KOLOSSENSE	61
1 en 2 THESSALONICENSE	62
1 en 2 TIMOTEÛS	63
TITUS	65

FILEMON.....	66
HEBREËRS.....	67
JAKOBUS.....	68
1 en 2 PETRUS.....	69
1, 2 en 3 JOHANNES.....	70
JUDAS.....	72
OPENBARING.....	73
DIE DORDTSE LEERREËLS.....	75
VOORWOORD.....	76
LES 7.....	77
DORDTSE LEERREËLS INLEIDING:.....	77
HOOFSTUK 1.....	77
LES 8.....	79
VERWERPING VAN DWALINGE.....	79
LES 9.....	81
HOOFSTUK 2.....	81
LES 10.....	82
VERWERPING VAN DWALINGE.....	82
LES 11.....	83
HOOFSTUK 3 en 4.....	83
LES 12.....	85
VERWERPING VAN DWALINGE.....	85
LES 13.....	86
HOOFSTUK 5.....	86
LES 14.....	88
VERWERPING VAN DWALINGE.....	88

KEN EN VERTROU IS GELYK AAN: GLO
(SONDAG 7)

INLEIDING TOT DIE BOEKE VAN DIE BYBEL

**Toegelig
vir Klas IV**

deur

Ds. J. J. van der Walt

VOORWOORD

Die INLEIDING TOT DIE BOEKE VAN DIE BYBEL is 'n beskeie poging om kategete en katkisante te help met die bestudering van die onderskeie Bybelboeke soos dit voorgeskrywe is in die Katkisasietiesblad vir klas IV.

By die opstel van die inleiding is uitgegaan van die gedagte dat die katkisante reeds vier jaar Kategismus geleer het en dus bekend behoort te wees met die betekenis van begrippe soos Middelaar, heiligmaking ens.

Innige dankbaarheid sal ons vervul as hierdie werkie maar enigsins diensbaar gebruik word in die katkisasie. As die behandeling van die verskillende Bybelboeke die verbondsjeug prikkel om die hele Bybel deur te lees, dan het die genade van God uit ons swakke arbeid heerlike vrugte berei. Dit is ons bedoeling en begeerte dat groter begrip van die eenheid van die Bybel en die samehang van die onderskeie Bybelboeke by die lidmate sal groei. Dit is in stryd met die wese van die Bybel as God se Woord **om net** brokstukkies daarvan te lees.

Geen poging is aangewend om aan te toon waarom 'n besondere boek as "'n heilige en Goddelike geskrif" aanvaar word nie. Ons glo dit. Die Heilige Gees getuig dit in ons harte.

Verwysings na tekse en skrifgedeeltes **moet** deur die katkisante nageslaan en gelees word.

Daar is nie breedvoerig uitgewei nie. Kategete kan met groot vrug gebruik maak van die inleiding by elke boek in "Die Bybel met verklarende aantekeninge".

J. J. van der Walt

Kimberley, 10 Januarie 1967.

GENESIS

Werk om vooraf te doen: Lees Artikel 3 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Let op die redes waarom die Boeke van die Bybel "Heilige en Goddelike geskrifte" genoem word.

1. NAAM:

Genesis beteken geboorte, wording of **oorsprong**. Dit is so genoem omdat in die boek beskrywe word die geboorte of oorsprong van die **ganse skepping** en van **die mens** en van God se **uitverkore volk** Israel.

2. DIE SKRYWER:

Die eerste vyf boeke van die Bybel word genoem: **Die Vyf Boeke van Moses**. Moses het nie alles self met sy eie hand geskrywe nie. Ander persone het ook aan die finale inhoud en vorm van die boeke gewerk. Moses se aandeel is egter so groot dat met reg gepraat kan word van die boeke van Moses. Wie die skrywers presies was, maak vir ons geloof nie saak nie, omdat ons glo dat die verskillende skrywers onder die inspirasie van die Heilige Gees geskrywe het. Daarom is die boeke betroubaar en het hulle gesag as die Woord van God.

Die vyf boeke was oorspronklik een boek. Die boek is later in vyf verdeel omdat elkeen sy eie besondere inhoud het.

3. HOOFINHOUD:

- (a) **Die Skepper en sy Skepping**. Die eerste en baie belangrike openbaring (openbaring — dit wat God aan ons bekend maak) in Genesis is dat God die Skepper is. Hy is die Skepper en alle ander dinge ("hemel en aarde". 1:1) is sy skepsele. Hy het alles uit niks geskape deur net te sê dat dit daar moet wees. Dit kan net God doen. (Ons kan ook iets nuuts maak, maar nooit iets uit niks nie. As ons 'n stoel wil maak, het ons hout nodig; as ons 'n atoombom wil maak, het ons uraan nodig). Toe alles "in die begin" (1:1) deur God geskape is, toe was Hyself reeds daar. Hy begin nie. Hy is ewig, (Ewig — sonder begin en sonder einde).
- (b) **Die Skepper is die Drie-enige God**. Reeds by die skepping leer ons dat God een God is en tog van Homself praat as Ons (1:26, 27). Hy sê: "laat Ons mense maak na ons beeld..." (vs. 26), en daarna lees ons in vs. 27: "En God het die mens geskape na sy beeld". Dit is omdat God een Goddelike Wese is met Drie persone: Vader, Seun en Heilige Gees. Aldrie die Persone werk in die skepping. Die Vader is die Skepper, wat net "sê" die dinge moet daar wees, dan is hulle daar. Die Seun is die Woord deur Wie die Vader skep. Dit lees ons duidelik in Johannes 1:1 tot 3. En van die Heilige Gees lees ons in Gen. 1:2 "en die Gees van God het gesweef op die "waters". Lees ook Ps. 33:6.
- (c) **God en die mens**. Genesis openbaar vir ons verhouding tussen God en die mens:
 - (1) Van al die skepsele is net die mens alleen geskape na God se beeld (1:26). Dit weerspreek volkome die Evolusieteorie wat beweer dat mens uit die dier ontwikkel het, en dus maar 'n hoogste dier is. As dit waar is, dan het die mens ontwikkel na die beeld van 'n dier.
 - (2) Die mens het deur sy ongehoorsaamheid sy heiligheid as die beeld van God verloor, en toorn van God in die ewige verderf verdien (Kategismus Sondag III). In die geskiedenis van die sondeval (Genesis 3) word die bestaan van die persoon van Satan aan ons geopenbaar.
 - (3) God gee die mensheid nie aan die Satan en die sonde prys nie. God belowe 'n Verlosser in Gen. 3:15 en stel vyandskap tussen die mens en Satan (die Slang). Hierdie belofte en die vervulling daarvan loop soos 'n goue draad deur die hele (res van die) **Bybel**.
 - (4) In die res van die boek Genesis (hfst. 4-50) word dan beskrywe die geskiedenis

van die mens in sy sonde: Kain, Lameg, Gam, Esau, ens. En die geskiedenis van God se genade aan die sondaarmens word beskrywe: Abel, Set, Ken Noag, Abraham, Isak, Jakob, Josef, ens. So leer ons **God se genadige verkiesing** ken.

Lees: Gen. 25:23 en Romeine 9:6-16. Ons leer God se **genadeverbond** ook ken wat Hy op grond van sy uitverkiesende genade oprig met Abraham en sy nageslag (Genesis hfst. 12, 15, 17 en Romeine 9:6-8). So leer ons uit Genesis die geboorte van God se uitverkore Verbondsvolk ken. 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee partye. In die genadeverbond gee God ons sy genade en eis Hy van ons gehoorsaamheid).

EXODUS

1. NAAM:

Exodus beteken: uittog. Die naam pas eintlik by die eerste deel waarin die uittog uit Egipte beskrywe word.

2. SKRYWER:

Dit blyk uit Exodus 17:4 en Numeri 33:2 dat Moses in 'n boek aangeteken het wat langs die trekpad na Kanaän gebeur het. Moses kan dus met reg die skrywer van Exodus genoem word, want al het hy nie die boek self woord vir woord geskrywe nie, het sy aantekeninge ten minste die materiaal daarvoor verskaf.

3. HOOFINHOUD:

(a) Die boek Exodus kan in twee hoofdele verdeel word:

- (1) **Die Uittog** (Gen. 1:1–15:21), wat beskrywe hoe die vervulling van God se belofte (Gen. 15:16) 'n aanvang neem.
- (2) Die verbondsluiting (15:22 tot die einde) beskrywe hoe God sy verbond sluit tussen Hom en die volk wat uit Abraham gebore is. Die belangrikste in die verbondsluiting is die wetgewing te Sinai, toe God met sy vinger die Tien Gebooue op die twee Kliptafels geskrywe het. 'n Verbond is 'n ooreenkoms tussen twee partye. In 'n verbond tussen twee mense is die twee partye gelyk en word elke party se verpligtinge deur onderlinge ooreenkoms vasgestel. In die verbondsluiting van God met sy volk is dit anders. Die twee partye is nie gelykwaardig nie.

Die verbondsluiting kom alleen van God se kant.

En Hy verbind homself deur beloftes van genade.

En Hy eis in die verbond gehoorsaamheid van sy volk aan sy Wet

- (b) **Die Stryd** tussen Israel as die volk van God en Egipte (en ander heidense volke) tree in die hele boek na vore. Dit is die stryd waarvan God gespreek het in Gen. 3:15 toe Hy aan die Satan gesê het: "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar saad." Hierdie stryd sal dwarsdeur die Bybelse geskiedenis voortduur en uiteindelik besleg word in die oorwinning van Christus oor Satan.
- (c) Die betekenis van die Bybelse geskiedenis is dat dit God en sy werke aan ons openbaar. Dit is opmerklik dat oor die lang tydperk van byna 400 jaar tussen Josef se dood (Gen. 50:26) en Moses se geboorte (Ex. 2:2) baie min meegedeel word. Dit toon dat die doel van die Bybelse Geskiedenis nie is om die geskiedenis van mense of volke te beskrywe nie. Die geskiedenis van Moses se lewe dien net om aan ons die genadewerke van God te openbaar En die geskiedenis van Farao dien om aan ons die oordeel en geregtigheid van God te openbaar.

VRAE:

1. Hoe pas die naam van die boek by die inhoud daarvan?
2. Op watter gronde kan Moses die skrywer van Exodus genoem word?
3. Watter belofte van God gaan in Exodus in vervulling?
4. Kan jy verskille vind tussen die verbondsluiting in Genesis en Exodus?
5. In watter mate laat Gen. 3:15 ons die gebeurtenisse in Exodus beter verstaan?
6. Wat is die doel met die beskrywing van die geskiedenis in die Bybel?

LEVITIKUS

Werk om vooraf te doen:

- Lees: 1. Kategismus vraag en antwoord 19.
2. Nederlandse Geloofsbelijdenis Art. 25.

1. NAAM:

Levitikus beteken: die Levitiese Boek. Dit dui aan dat in hierdie boek hoofsaaklik oor die erediens gehandel word, want die Leviete was die priesters. Tog is dit nie net 'n handboek vir die Levitiese priesters nie, want dit bevat ook wette wat vir die hele volk in hulle lewe buite die erediens gegee is, soos bv. die wette vir huweliksake in hfst. 18.

2. SKRYWER:

Dertig keer word in die boek vermeld: "Verder het die Here met Moses (en Aäron) gespreek en gesê:..." Al word Moses dus nie uitdruklik as skrywer genoem nie, is sy aandeel tog duidelik.

3. HOOFINHOUD:

- (a) **Roeping tot Heiligheid.** Die een groot saak waaroor dit in die boek gaan, is heiligheid. Ook die wette oor liggaamlike reiniging wil die volk se besef van heiligheid bevorder. Die hooftema van die boek kan saamgevat word met die woorde in hfst. 11:14: "Want Ek is die Here julle God: toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig". Om heilig te wees beteken om afgesonder te wees vir die diens van God.
- (b) **Die ordening van die erediens.** Hfst. 1-7 handel oor die verskillende offers, en hfst. 8—10 oor die priesterwyding en die sonde van vreemde vuur op die altaar. In die erediens moet die Here gedien word volgens sy voorskrifte en nie na die goëddunke van mense nie.
- (c) **Christus-verkondiging.** Die offerdiens, die priesterwyding, die reinigingswette — al hierdie instellinge verkondig simbolies die reiniging of heiligmaking vir God se volk in Christus.
- Sy bloed heilig en reinig van die besoedeling van sonde. Hy is self tegelykertyd offerande en Hoëpriester.

NÚMERI

1. NAAM:

Die naam Númeri beteken: Getalle. Dit het betrekking op die tellinge van die Israeliete (hfst. 1, 26) en van die Leviëte (hfst. 3, 4). Die ou Joodse naam was 'n beter weergawe van die inhoud van die boek. Hulle het dit genoem na die vyfde woord in 1:1 wat ons in Afrikaans vertaal met: "in die Woestyn". Die boek handel oor Israel se woestynreis vanaf Sinai tot by die grens van Kanaän.

2. SKRYWER:

Númeri is die vierde van die "Vyf boeke van Moses". Daar moet goed onthou word dat die vyf boeke oorspronklik net één boek was. Die vyf vorm een geestelike geheel.

3. HOOFINHOUD:

(a) **Die omswerwing in die woestyn.** Die boek handel oor die 38 jaar wat begin met die tweede jaar na die uittog (Num. 1:1). Númeri volg logies op Levitikus. Daarin volg, na die wetgewing (Exodus en Levitikus) die geskiedenis van die voorbereiding vir die woestyntog (1:1—10:10), die geskiedenis van die tog self (10:11—20:13) en die gebeurtenisse in die vlaktes van Moab, waar o.a. Bileam optree. Dit dien as voorbereiding vir die intog in Kanaän (20:14—36:13).

(b) **Die Onderwysing.** Die Boek is **vol onderwysing**:

(1) groot nadruk word gelê op reinheid by die volk en die ampsdraers;

(2) God is 'n God van orde en Hy gee sy wette vir alle lewensterreine (o.a. die verdeling van Kanaän);

(3) die gestalte van Moses as "middelaar" tussen God en die murmurerende volk tree sterk op die voorgrond, sodat Moses tipe word van Christus, die ware Middelaar. (Hebr. 8:5, 6; 12:21-24).

(Onder "tipe van Christus" verstaan ons iemand wat eienskappe het, of wat optree op 'n wyse wat heenwys na Christus en sy Middelaarswerk. 'n Tipe is dus 'n voorafbeelding).

VRAE:

1. Oor watter 38 jaar in Israel se geskiedenis handel Númeri?
2. Hoe word God in Númeri geopenbaar as 'n God van orde?
3. Waarin was Moses 'n tipe van Christus?
4. Wat openbaar Hebr. 8:5-6 en 12:21-24 oor die verhouding tussen Christus en Moses?

DEUTERONOMIUM

1. NAAM:

Deuteronomium beteken: wetsherhaling. Dit beteken die Wet is opnuut gegee. Omdat die naam ingeburger is, word dit behou. Die naam berus op 'n foutiewe vertaling van hfst. 17:18. Ons vertaal nie wetsherhaling nie maar "afskrif van die wet". Die Wet is dus net eenmaal gegee, en daarna slegs afgeskryf.

2. SKRYWER:

Die boek dien homself aan as 'n verslag van die redevoeringe deur Moses gehou (1:1; 5:1 e.a.), en sê self dat "Moses die woorde van hierdie wet klaar in 'n boek geskrywe het tot die einde toe" (31:9, 24). Al moet ons aanneem, op grond van die beskrywing van Moses se dood, dat iemand anders ook aan die Boek gewerk het, het dit net so onder God se voorsienigheid en die inspirasie van die Gees geskied as die arbeid van Moses self.

3. HOOFINHOUD:

- (a) **Wetsprediking.** Die boek bevat hoofsaaklik wetsprediking waarin Moses die volk vermaan en opwek tot gehoorsaamheid aan God se wet. Hy spreek oor die vrede, geluk en vreugde wat 'n mens se lewe vul as jy gehoorsaam is aan die wet. Moses verkondig ook die liefde as die grondsteen van die wetsvervulling (Deut. 6:5; 11:1, 13, 22; 19:9; 30:6, 16, 20).
- (b) **Verbondsprediking.** Moses verkondig dat die verhouding tussen God en sy volk Israel 'n verbond is (bv. 29:1, 9, 21). Die verbondsverhouding kom daarin uit dat Israel "die eiendomsvolk van God" is (7:6; 14:2; 26:18), en dat die Here die God van sy volk is. Die woorde "die Here jou (julle) God" kom herhaaldelik in die boek voor. Die verbondsverhouding word ook uitgedruk met die woorde dat die Israëliete kinders van die Here is (14:1), en dat God hulle Vader is (32:6). God reël dus in die Verbond die verhouding tussen Hom en sy volk.

VRAE:

1. Watter kenmerke van goeie wetsprediking leer ons in Deuteronomium 6:5; 30:16?
2. Wat is die verhouding tussen God en sy verbondsvolk?
3. Watter ooreenkoms blyk tussen die wetsprediking van Christus en die van Moses volgens Matth. 22:37-40 en Deut. 10:12; 30:6 en Lev. 19:18?

JOSUA

Werk om vooraf te doen:

1. Watter plek het Josua ingeneem gedurende die lewe van Moses? (Ex. 17:9; 24:3, Deut. 34:9)
2. Wat word bedoel met 'n tipe van Christus'?

1. NAAM:

Die boek dra die naam van die man wat as instrument van God die hoofpersoon is in die geskiedenis wat in die boek meegedeel word. Die naam Josua se Griekse vorm is Jesus. Dit beteken: Die Here is heil.

2. SKRYWER:

Die Bybel sê nie in direkte woorde wie die skrywer is nie. Ons moet dus sê: die skrywer is onbekend. Tog is daar sterk gronde waarvan afgelei kan word dat Josua die eintlike skrywer is, terwyl 'n ander persoon die afsluitingswerk gedoen het en enkele stukke aangevul het. Hierdie persoon was waarskynlik Pinehas (22:13 en 24:33). Die onsekerheid oor die skrywer doen niks af aan die gesag van die boek as Woord van God nie. Want die gesag van die boek berus daarop dat die Heilige Gees die eintlike Skrywer is.

Hy het die menslike skrywers of skrywer geïnspireer en gelei.

3. HOOFINHOUD:

(a) Deuteronomium eindig met die dood van Moses, en Josua begin daarmee. So is daar 'n noue aansluiting tussen die twee boeke. Josua deel mee hoe God se belofte (Gen. 15:16) in vervulling gaan. Die boek val in twee hoofdele uiteen:

(1) **Die verowering** (hfst. 1-12). In hierdie eerste twaalf hoofstukke word beskrywe hoe Israel die land Kanaän verower deur die heidense nasies verpletterend te verslaan. Dit het geskied onder die aanvoering van Josua. Bo alles troon egter die openbaring van God se wonderbare mag uit, soos o.a. by Jerigo (hfst. 6) en Gibeon (hfst. 10).

Lees hoofstukke 6 en 10.

(2) **Die Verdelling** (hfst. 13-22). Die Beloofde land word onder die stamme verdeel en in besit geneem. Die verdeling geskied deur die Lot. Die HERE deel dus die erfdeel uit.

Op die twee hoofdele volg nog 'n slot (hfst. 22, 23). Dit bevat Josua se afskeidsrede waarin hy die volk aan God se verbond herinner en hulle vermaan om die Here te dien.

(b) **Die jong Bondsvolk op 'n hoogtepunt.** Die boek laat ons Israel sien soos die volk geruime tyd na die intog getrou bly in die diens van die HERE. God se guns word geniet, terwyl die volk in die krag van die geloof moedige dade verrig. Tog ontbreek die donker sy nie. Daar is die sonde van Agan. En daar is die nalatigheid van Israel wat nie al die heidense volke uitroei nie. Hierdie volke sal vir Israel tot 'n valstrik wees (23:13). Die boek Josua het in die Ou Testament sterk ooreenkoms met die boek Handeling in die Nuwe Testament. Albei beskrywe die Kerk van die HERE op die hoogtepunt van 'n nuwe begin, waarin die geloof verrassende groot dinge vermag, terwyl die sonde nog soos 'n slang in die boesem lewe.

(c) **Die prediking** van die boek is dat God se volk, terwyl hulle deur sy weldade bevoorreg word, verplig is om sy verbond te hou en teen die sonde te waak.

(d) **Josua is tipe van Christus.** Soos wat die intog in die Beloofde Land simbolies is van die ingang van God se volk in hulle hemelse vaderland, so is ook Josua tipe van

Christus omdat hy die volk die Beloofde Land inlei. Die verandering van sy naam Hoseá na Josua (Num. 13:16) kry dus 'n profetiese betekenis. Want Josua of Jesus is die naam wat die Seun van God as Verlosser op aarde wou dra na sy vleeswording (Matth. 1:31).

RIGTERS

Werk om vooraf te doen:

Lees Kategismus Sondag 12.

1. NAAM:

Die woord "Rigter" is 'n woord wat net in die Bybel voorkom. Dit is 'n vertaling van die Hebreuse ampsnaam van die persone wat die bestuur van sake in Israel behartig het voor die instelling van die koningskap. Die amp van die Rigter het drie take ingesluit: regering, regspraak en aanvoering van die leer.

2. SKRYWER:

Die Joodse oorlewering (tradisie) dui Samuel aan as die skrywer. Dit is duidelik dat die boek saamgestel is uit meer as een bron. Een persoon het die verskillende bronne saamgevoeg sodat die boek as 'n hegte eenheid tot ons spreek, al handel dit oor 'n **tydperk van drie eeue**.

3. HOOFINHOUD:

(a) **Aansluiting by Josua.** Die boek handel oor die tydperk na Josua tot net voor die salwing van die eerste koning, Saul. Israel het sy oorwinnings oor die Kanaäniete nie behoorlik voltooi nie. Josua het alreeds gewaarsku dat die nasies vir Israel tot 'n valstrik sal word. Rigters beskrywe hoe hulle vir Israel tot 'n valstrik geword het. As gevolg van godsdienstige verval deur ongehoorsaamheid aan God se gebooie het Israel die oorwinnings oor die Kanaäniete nie voltooi nie (hfst. 1-3). Veral in hfst. 17 tot 21 word die lae peil beskrywe waartoe die volk se gedrag gedaal het.

(b) **Die roepstem om 'n ware Koning.** Die boek laat uit die verloop van die geskiedenis sien: Israel is sonder God se besondere hulp nie in staat om in die weg van die Verbond te bly nie. Verder toon die boek aan dat die verval wat by die volk intree in hulle erediens en gedrag in die hand gewerk word deurdat daar nie die sterk gesag van 'n vaste Regering of 'n Koning is nie. (Hfst. 17:6; 21:25). **Alles roep om 'n Koning.**

Vir die Verbondsvolk van God sal die vervulling van hierdie behoefte aan 'n Koning eers geskied met die koms van die Ewige Koning, Jesus Christus (Katg. Sondag 12). Die Rigters tree as sy instrumente op. Maar hulle optrede is gebrekkig, ten dele en tydelik. Daarom tree die Engel van die HERE so op die voorgrond in die boek. Van die Engel van God lees ons drie keer, hfst. 6:20; 13:6 en 13:9. Van die Engel van die HERE lees ons 14 keer, o.a. hfst. 2, 5, 6, 13.

(c) **Openbaring van God se Verbondstrou.** Die boek waarsku teen die vermenging van God se volk met die wêreld. Die volk is ontrou en afvallig van God in hulle gedurige verval in afgodediens en sonde. In teenstelling met die volk is God getrou aan sy beloftes en genadig. Ook as Hy die volk straf, doen Hy dit in genade om hulle te red. Die hoofgedagte van die boek kan aangedui word met die woorde van hfst. 5:31. "So moet al U vyande, HERE, omkom! Maar die wat Hom liefhet is soos die opgang van die son in sy krag."

VRAE:

1. Watter amp word aangedui met die naam "Rigter"?
2. Oor hoeveel eeue handel Rigters?
3. Watter verband het Josua 23:11-13 met die boek Rigters?
4. Hoe openbaar Rigters die volk se nood aan hulle Ewige Koning?
5. Waardeur kom God se verbondstrou in die boek tot openbaring?

RUT

1. NAAM:

Die boek kry sy naam van die Moabitiese vrou wat die hoofpersoon is in die geskiedenis wat daarin vertel word.

Die boek is een van die vyf boeke wat genoem is die "feesrolle" omdat dit op die groot feesfees voorgelees is. Die ander feesrolle is: Ester, Prediker, Hooglied, Klaagliedere. Rut is gelees op die Pinksterfees. Dit was waarskynlik vanweë die rol wat die oes daarin speel God het dit in sy voorsienigheid ook so bepaal vanweë die band tussen Israel en die uitverkorenes uit die heidene wat daarin duidelik na vore kom. Op Pinkster (Hand. 2) het die kerk uitgebrei na die heidene.

2. SKRYWER:

Ons weet nie wie hierdie boek geskrywe het nie. Ons kan wel met sekerheid sê dat dit eers na die tyd van Dawid geskrywe is (4:22). Die Goddelike Skrywer — Die Heilige Gees — het deur die onbekende menslike skrywer 'n Bybelboek geskrywe van ryke geestelike inhoud en hoogstaande skoonheid.

"Eenparig bring alle uitleggers hulde aan die eenvoud en die natuurlikheid van die verhaaltrant, en die meesterlike, liefdevolle uitbeelding van die hooffigure."

3. HOOFINHOUD:

(a) **Die familiegeskiedenis** wat in die boek meegedeel word, geskied in die dae van die Rigters. Die hoofpersoon is Rut, die Moabitiese. Sy het haar eie volk en die se afgode verlaat om die God en die volk van haar Israelitiese skoonmoeder, Naomi, te verkies.

(b) Die sleutel om die boek te verstaan, lê in die laaste verse, waarin die geslagsregister van koning Dawid gegee word. Die boek wil die geslagslyn laat sien wat die koning na God se hart aan die stamvader Juda verbind.

In hierdie geslagslyn het Rut 'n besondere plek. Ook die heidene het deel in hierdie geslag waaruit die Christus gebore sou word. Maar dan so dat God die heiden met sy volk verenig deur die geloof.

(c) **Die soewereiniteit of vrymagtigheid van God** spreek op 'n besondere wyse uit hierdie boek. Hy bring met soewereine beskikking vir Rut in die geslag van Christus. Hy kies soewerein tussen Orpa en Rut, wat andersins presies in dieselfde omstandighede is. Hy beskik in die geskiedenis van Naomi en haar gesin so dat Rut as weduwee na Israel kom en die losser dus met haar moet trou.

(Soewereiniteit van God beteken: Hy is almagtig en slegs aan Homself verantwoording verskuldig).

VRAE:

1. Wie is die skrywer van die boek?
2. Gee redes waarom ons die laaste verse van die boek die sleutel tot die boek kan noem?
3. Waardeur openbaar God Hom in die boek as die Soewereine God?
4. Watter verband is daar tussen Rut en die bekeerdes op Pinkster? (Lees Rut 1:16 en Hand. 2:37-47).

1 en 2 SAMUEL

1. NAAM:

Die boeke word Samuel genoem omdat dit met die lewensgeskiedenis van Samuel begin terwyl hy ook 'n vername plek inneem in die geskiedenis van die ander twee hooffigure Saul en Dawid.

2. SKRYWER:

Nêrens in die Bybel word verklaar dat Samuel die boeke geskrywe het nie. Die gedagte dat Samuel die skrywer is, kom uit die Joodse oorleweringe. Samuel se dood word alreeds in hfst. 25:1 vermeld. Dit is egter nie onmoontlik dat die geskiedenis wat Samuel opgeteken het (1 Kron. 29:29) gebruik is deur die skrywer nie.

3. HOOFINHOUD:

- (1) Die boeke beskrywe die gebeurtenisse uit die **eindtyd van die Rigters tot die einde van Dawid se lewe**. Dit is 'n belangrike tydperk in Israel se geskiedenis want toe is oorgeskakel na dit nuwe regeringsvorm van die koningskap.
- (2) **Die instelling van die koningskap** was grootliks die gevolg van buitelandse omstandighede, maar die ontwikkeling en verloop is deur binneland se omstandighede bepaal.
 - (a) **Buitelandse omstandighede**. Veral die Filistyne het Israel gedurig benou en bedreig soos o.a. blyk uit 1 Samuel 4–7. Die Filistyne was 'n trekvolk uit die kusgebied van Klein-Asië. Deur Egipte gestuit, het hulle hul gevestig in die vrugbare landbougebied van Suidwes-Palestina. Hulle het min of meer gelyktydig met Israel die land binnegekom. Militêr was hulle goed georganiseer en toegerus, sodat hulle Israel soms oorheers het (1 Sam. 13:19-23). Die Filistynse verdrukking en bedreiging was een van die vernaamste aanleidings tot die instelling van die koningskap. Hulle mag is deur Dawid gebreek.
 - (b) **Binnelandse toestande**. Die eenheid tussen die stamme het grootliks ontbreek. Eers Dawid kon Juda, in die Suide, en die ander stamme in die Noorde enigsins rondom sy persoon verenig. In die latere geskiedenis gaan die twee ryke tog apart. Gedurende die Rigtertyd kon die oudstes en die stamhoofde nie verval, losbandigheid en krisistye die hoof bied nie. Daarom verlang baie na 'n koning. Daar was ook sterk besware, bv. by Samuel. Die verlange na 'n koning is vir Samuel afvalligheid van die Here. God het egter wel die versoek toegestaan, en daarom berus Samuel.
- (3) In die tyd ontplooi die **profetisme** as 'n eie deel van die godsdiens van Israel. Die profete is deur God geroep om sy wil aan die volk bekend te maak. Lees Jer. 15:1.
- (4) **Die belofte van 'n Messias** word aan die huis van Dawid verbind. Lees 2 Sam. 7:12-16; Hebr. 1:5 en Luk. 1:32, 33.

1 en 2 KONINGS

1. NAAM:

Die naam is 'n weergawe van die inhoud, want die boeke beskrywe die geskiedenis van al die konings, met uitsondering van Saul en Dawid.

2. SKRYWER:

- (a) Die Skrif self sê nie wie die skrywer is nie.
- (b) Die laaste gebeurtenis wat in die boek vermeld word, is die begenadiging van Jojagin. Die skrywer het dus sy boeke kort na die gebeurtenis voltooi.
- (c) Die skrywer kon egter gebruik maak van **bestaande werke** waarna hy verwys. "Die Geskiedenisboek van Salomo" (1 Kon. 11:14); "Die Kroniekboek van die konings van Israel" (1 Kon. 14:19). "Die Kroniekboek van die konings van Juda" (1 Kon. 14:29). Die Kroniekboeke is die amptelike optekening van die gebeurtenisse van elke dag vir die koninklike argief, en moet dus nie verwar word met die Bybelboek Kronieke nie.

3. HOOFINHOUD:

- (a) **Die Geskiedenis van Israel en Juda** word beskrywe vanaf die dood van Dawid tot die ondergang van die koningskap met die begin van die ballingskap.
- (b) **Die boek is meer as 'n blote geskiedenisverhaal.** Die skrywer deel nie net mee wat gebeur het nie. Hy spreek ook 'n oordeel uit oor die gebeurtenisse. Dit doen hy onder inspirasie van die Heilige Gees, en daarom is dit nie bloot sy, maar God se oordeel. In die hele boek is daar geen sweem van afgodiese koningsverheerliking nie, terwyl dit baie dikwels in die letterkunde van die ander oud-Oosterse volke voorkom.
- (c) **Die konings is nie die enigste belangrike mense in die boek nie. Die profete** ontvang 'n besondere belangrike plek. Daar word uitvoerige mededeling gedoen oor profete soos Ahia, Elia, Miga, Elisa, Jesaja. En die weergawe van hulle woorde en optrede is verreweg die belangrikste en skoonste dele van die boek. "Al dra die boek dus die naam KONINGS, word die werklike inhoud daarvan tog nie deur menslike staatkunde nie, maar deur die genade en gerig van God bepaal".
- (d) **Op grond van die profesie in 2 Sam. 7** word die afstammeling van Dawid as die draers van die belofte van 'n Messias erken.

Teenoor die veelheid van konings in Israel staan die **vaste voortgang van die Dawidshuis** in Juda. Dit is miskien vanweë die feit dat hulle skakels is in die ketting wat Dawid aan Christus (die Seun van Dawid) bind, dat die name van die moeders van die konings in Juda ook vermeld word, anders as by Israel. Die vrou het 'n plek in die heilsplan van God.

VRAE:

1. Hoe verskil die geskiedenisbeskrywing in hierdie Bybelboeke van die geskiedenisbeskrywing van die ou Oosterse volke?
2. Oorheers die konings of die profete die inhoud van die boeke?
3. Waarom ontvang die geslag van Dawid soveel besondere aandag in die boeke?

1 en 2 KRONIEKE

Opdrag:

Let by die deurlees op die ooreenkomste en die verskille tussen die "Kroniekboek van die konings van Juda" (1 Kon. 14:29) en die Bybelboek KRONIEKE.

1. NAAM:

Die naam "Kronieke" is die weergawe van die Hebreuse uitdrukking "sake van die dae", soos die amptelike kronieke van die konings genoem is.

Daarin is die daaglikse gebeure opgeteken. Hierdie amptelike kronieke het verlore gegaan. (1 Kon. 14:29). Die Bybelboek **KRONIEKE** gee nie so 'n dorre opeenvolging van gebeurtenisse nie, maar bied telkens 'n oorsig oor 'n tydvak, met beoordeling van die gebeurtenisse in die lig van God se Wet.

2. SKRYWER:

- (a) Dit skyn asof die skrywer na die hervormings van Esra en Nehemia gewerk het en of hy die verlede in die lig beskou.
- (b) Die skrywer het veelvuldig gebruik gemaak van **ouer Bybelboeke**, bv. vir die geslagsregisters en oor Saul en Dawid. Daar kom hoofstukke voor wat woordeliks oorgeneem is. Tog bied Kronieke gegewens wat ons nêrens elders kry nie. Ook ander werke word deur die skrywer genoem soos bv. die "Geskiedenis van die siener Samuel en die Geskiedenis van die profeet Natan en die Geskiedenis van die siener Gad" (1 Kron. 29:29).

3. HOOFINHOUD:

- (a) **Die boek is 'n beskrywing van die regte aanbidding van die HERE** gedurende die tyd wat die geslag van Dawid in Jerusalem geregeer het. Die boek lê nadruk op die godsdienstige maatreëls van Dawid, veral sy voorbereiding vir die tempelbou, en die tempelbou deur Salomo. Na die skeuring van die ryk (hfst. 10) word alleen die geskiedenis van Juda gegee. Nadruk word gelê op die konings wat die regte erediens met hervorming bevorder het, soos Asa, Josafat, Hiskia en Josia.
- (b) **'n Eie blik op die geskiedenis.** Die boek gee 'n eie, streng godsdienstige blik op die geskiedenis, waaruit telkens blyk dat die geestelike bó die stoflike gestel word.
- (c) **Die geslag van Dawid** wat op die Messias uitloop, is die goue draad deur die geskiedenis in die boek.

VRAE:

1. Hoe verskil Kronieke van 1 en 2 Konings, en waarin vul dit Konings aan?
2. Hoe verklaar ons die ooreenkoms tussen 1 Sam. 7 en 8 en 1 Kron. 17 en 18?

ESRA

1. NAAM:

Die boek is genoem na die priester Esra, die geestelike leier van die ballinge wat na Jerusalem teruggekeer het.

2. SKRYWER:

- (a) Dit word algemeen aangeneem dat Esra en Nehemia oorspronklik saam met Kronieke één boek was, Kronieke eindig en Esra begin bv. met dieselfde woord (Esra 1:1-3a). Nehemia het toe die laaste deel van Esra uitgemaak.
- (b) Die skrywer is onbekend. Dat in Esra 8 en 9 van hom gepraat word as "ek" en "my" bewys hoogstens dat van 'n geskrif van Esra deur die skrywer gebruik gemaak is. Die skrywer het ook gebruik gemaak van dokumente soos die Edik van Kores in hfst. 1:2-4 en die dekreet in hfst. 6:3-5.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Dit kan ons begrip van die inhoud bevorder deur kortliks die **historiese agtergrond** aan te stip:

Palestina was in die tyd 'n deel van die groot wêreldryk van die Perse, deurdadig Persië vir Babel verower het (Dan. 5). Die grondlegger van die ryk was Kores (d.i. Cyrus). Anders as die konings van Babel, was hy baie simpatiek teenoor die stoflike en geestelike belange van die onderhorige volke, en het hy veral 'n ope oog gehad vir hulle godsdienstige belange. So kry ook die Joodse ballinge van hom verlof om na Jerusalem terug te keer en om die stad en tempel te herbou.

Kores is opgevolg deur sy seun Cambusius, wat nie in die Bybel genoem word nie. Hy word opgevolg deur 'n familielid, Darius, wat ook uit die boek Daniël aan ons bekend is. Sy seun Xerxes, is in die boek Ester aan ons bekend as Ahasveros. Nadat hy vermoor is, het sy seun Artasasta (d.i. Artaxerxes) op die troon gekom. Hy was 'n groter swakkeling en plesierjagter as Ahasveros.

Stryd ontstaan met Egipte. Gedurende die stryd was Juda 'n belangrike grensprovinsie, en dit was miskien 'n oorweging by die stuur van Esra na Jerusalem.

- (b) Die boek gee 'n kort weergawe van die geskiedenis **tussen die terugkeer uit die ballingskap en die inwyding van die herboude tempel.**
- (c) In hfst. 4:1-6 maak ons kennis met die **Samaritane** wat die tempelbou wou verhinder. (Die Evangelies meld die bittere vyandskap tussen Jood en Samaritaan).
- (d) Esra kom met die daadwerklike steun van Artasasta terug. Hy tree op teen die **gemengde huwelike** van Joodse mans met die heidense vroue van die land. Eers gaan hy in rou en gebed (hfst. 3), maar daarna volg hy die raad van Seganja en laat die vroue wegstuur. Esra was 'n man wat met kinderlike geloof (8:21-23) en in noue gemeenskap met God gelewe het (9:5-15). Die eer van God was vir hom ten nouste verbonde met die lewensvorme van die volk. Daarom span hy hom in om die **inhoud van die wet** aan die volk tuis te bring, sodat hulle dit self sal gehoorsaam. Sy optrede het hom by baie skrifverklaarders die verwyt van "'n wettiese man" op die hals gehaal. Hy is egter 'n beskeie man wat nie bevelend en dwingend optree nie. Hy skaar hom veel eerder langs die oortreders en bely saam met hulle skuld voor God (9:2-5). Dit is vérvan 'n Fariseër af!
- (e) In die boek sien ons hoedat God, ondanks sy oordele, **sy verbond hou en 'n oorblyfsel van sy volk bewaar.**

VRAE:

1. Is daar 'n verband tussen Esra en Kronieke? En tussen Esra en Nehemia?

2. Oor watter tydperk in Israel se geskiedenis handel die boek?
3. Teen watter sondige praktyke in Jerusalem moet Esra streng optree?
4. Waarin leer ons God se trou ken in die boek?

NEHEMIA

Let op:

1. Die verband tussen Esra en Nehemia.
2. Die verskil tussen die persone van Esra en Nehemia.
3. Die betekenis van die teenkating van die heidense volk.

1. NAAM:

Esra en Nehemia was oorspronklik een boek, en Nehemia is genoem 2 Esra. Nehemia is egter die sentrale figuur in die geskiedenis wat beskrywe word in die deel wat na hom genoem word. Vanweë die eie karakter en inhoud van die boek is dit van Esra geskei.

2. SKRYWER:

Die boek is **grootliks oorgeneem uit die aantekeninge van Nehemia**. Hy is die man van die daad, in **onderskeiding** met Esra. Die boek is 'n kort en bondige uiteensetting, met 'n voorliefde vir die dramatiese situasie. "Besonder opvallend is die kort aanroepinge of gebede tot God wat verskeie kere voorkom. Hierdie man van die daad is ook 'n man van die gebed". Ondanks die waarskynlike medewerking van verskeie skrywers, het Nehemia dus 'n skerp stempel op die boek gelaat, en vorm die boek dus tog 'n eenheid.

3. HOOFINHOUD:

(a) Die boek handel in hoofsaak oor die **herbou van die mere van Jerusalem**. Esra het reeds 'n poging aangewend, maar dit het misluk weens die teenkating van die omwonende volke (Esra 4:7-23). Hierdie teenkating was daarop bereken om aan die volk van God 'n eie lewe as uitverkore en verbondsvolk te ontsê. Nehemia deel nou mee hoe, deur die seën van God, hy dieselfde onderneming tot 'n goeie einde gevoer het nie teenstaande die voortgesette teenstand van die buurvolke.

(b) Die prediking van die boek.

(1) Die belangrikste openbaring in hierdie boek is **dat God sy Volk selfs In hierdie laat periode van die Ou-Testamentiese geskiedenis nie in die steek laat nie**. Onder sy seën verrig 'n man van opregte geloof en vurige liefde vir God en sy volk, nog groot dinge. Het die teenstanders geluk, dan het God se raadsplan om uit Israel in Kanaän die Verlosser te verwek, misluk.

(2) Die boek laat ons 'n **staatsman** sien vir wie die wet van God die hoogste beginsel van sy lewe is. Daarop berus sy optrede teen die vyande van binne (hfst. 5). Hy het die krag vir sy moeilike taak as staatsman geput uit die gebed.

(3) In die laaste hoofstuk van die boek vind ons Nehemia weer in 'n **hewige stryd teen die ontheiliging** van die erediens, die Sabbat en die priesterskap. Nehemia se arbeid het dus nie die volk sover gekry om vir altyd heilig te lewe nie. Daar is iemand anders nodig om die volk van God vir altyd te heilig. Dit is onse Here Jesus Christus. Hy sal sy gemeente heilig as sy lewende tempel (tempel – woonplek). Die onvoltooide reformasie (hervorming) van Nehemia is soos 'n roepstem na Christus om die volk vir altyd te heilig. Nehemia stry dus om 'n geheiligde volk waarin Christus sy lewende tempel kan hê.

(4) Nehemia was nie 'n priester nie, en ook nie 'n profeet nie. Hy het God se Raad gedien as 'n howeling en staatsman. In die donker tyd wat aan die koms van Christus vooraf gegaan het, **het God hom gebruik** om sy verstrooide volk te hervestig in die Land van Belofte.

VRAE:

1. Wat leer die boek ons besonderlik van God?
2. Watter beeld kry ons in die boek van 'n gelowige staatsman?
3. Watter tempel wil Nehemia eintlik geheilig hê as 'n woonplek van God?

ESTER

1. NAAM:

Die boek is genoem na die persoon wat die belangrikste plek inneem in die gebeurtenisse wat daarin meegedeel word. Die naam ESTER is van Persiese oorsprong, en is in die paleis aan die Jodin Hadassa, gegee. Dit beteken jongvrou of ster. (Hadassa was 'n afstammeling van een van die Jode wat in 597 v.C. saam met Jójagin weggevoer is. Afhasveros het waarskynlik van 485 tot 465 v.C. geregeer. Die verheffing van Ester vind plaas in die 7de jaar van sy regering, d.w.s. in 478 v.C.).

2. SKRYWER:

Die skrywer is onbekend. Ons lees wel dat Mordegaai aantekeninge gemaak het (9:20), maar selfs in die Joodse tradisie word hy nie as skrywer genoem nie. Waarskynlik omdat sy geskrif in 9:20-32 duidelik van die boek onderskei word. Ons kan egter aanneem dat die skrywer van die werk van Mordegaai gebruik gemaak het. Dat die skrywer onbekend is, vestig des te meer ons aandag op die Goddelike Skrywer, die Heilige Gees.

3. HOOFINHOUD:

(a) Die boek beskrywe 'n belangrike episode uit die **eeu-oue worsteling** tussen die "vrouesaad" en die "slangesaad" (Gen. 3:15) tussen wie God self vyandskap gestel het.

Satan wil die verbondsvolk van God uitroei omdat die Beloofde Verlosser na die vlees uit Israel gebore sal word. In Hamman vind hy 'n gewillige instrument Sy hoogmoed maak hom 'n slaaf van Satan. Hy het ook die wêreldmag van die Persiese Ryk tot sy beskikking.

(b) Die Bybelboek Ester is 'n openbaring van **God se almag en voorsienigheid**, in die wonderlike weë waarlangs Hy sy volk red. Die boek leer ons: **God bestuur alles. Die sleutel tot die boek** lê in die woorde van hfst. 4:14 "wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie tot die koninklike waardigheid geraak het nie".

(c) **God se Naam** kom nêrens in hierdie Bybelboek voor nie. Dit was vir baie aanleiding om te betwyfel of die boek in die Bybel tuishoort. Dat die Naam van God nie genoem word nie, is in ooreenstemming met die karakter van die boek wat met krag deur die feite die voorsienigheid van God preek, sodat Hy oral en in alles as die Beskikker geopenbaar word, al word Hy nie genoem nie.

(d) Ester is die boek wat, as een van die vyf Feesboeke, altyd op die **Purimfees** voorgelees is, omdat dit die ontstaan van die fees beskrywe. (Lees: 9:17-32).

VRAE:

1. Gee Gen. 3:15 ons enige lig om die boek Ester te verstaan?
2. Waarom word hfst. 4:14 genoem "die sleutel tot die boek?"
3. Behoort die boek in die Bybel al kom God se Naam nie daarin voor nie?
4. Watter verband is daar tussen die boeke Ester en Rut?

JOB

Werk om vooraf te doen:

Die Bybelboeke word ingedeel in hoofgroepe. Ons het al met die geskiedenisboeke kennis gemaak, soos Genesis, Exodus, Josua. (Noem die ander?).

Ons het ook met die feesboeke kennis gemaak, soos Rut en Ester. Let nou daar op dat Job die eerste is van 'n nuwe groep waarmee ons gaan kennis maak. Job is saam met Prediker en Spreuke die digterlike wysheidsboeke van die Bybel Job en Prediker handel albei oor die vraag: hoe kan die lyde van God se kinders gerym word met die almagtige en alwyse bestuur oor alle dinge deur God onse Vader?

1. NAAM:

Die naam Job kan omskrywe word as: die bestryde man.

2. SKRYWER:

Die skrywer kan nie met sekerheid aangedui word nie; ook nie wanneer of waar die boek geskrywe is nie. Die boek is al "bo-tydelik" genoem. Die wesenlike inhoud van die boek is nie net aan 'n bepaalde tyd of plek of persoon gebonde nie. Tog is daar geen twyfel oor nie: Job was 'n werklike historiese persoon (Jak. 5:11) en wat van hom vermeld word, het werklik gebeur.

Die boek Job is 'n hoogstaande letterkundige kunswerk. Dit kan op die gebied van die kuns getel word onder die beste literatuurprodukte in die wêreld. God gebruik 'n onbekende man se kunstalente in sy diens.

3. HOOFINHOUD:

- (1) Job en sy vriende het geredeneer oor die vraag: waarom ly Job so? Dit lei tot die **eintlike vraag** waarom dit in die boek Job gaan: wat is godsdiens? God het self gesê dat niemand so godsdienstig is as sy kneg Job nie. Daarteenoor stel Satan die vir God beledigende bewering: Job dien God net omdat dit hom betaal. Hy word geseën. As hy geen wins uit sy godsdiens trek nie, sal hy God verlaat ("hy sal U in u aangesig seën"). Daarom laat God Job beproef. Job kom in lyde sonder dat hy weet waarom. En wat doen Job? Hy prys God as die Vrymagtige. Hy aanbid God sonder winsbejag. Sy godsdiens is aanbidding van die soewereine God. Dit doen hy nog, ook as die beproewing daarna verswaar. Die Satan het verloor. En ons het geleer dat ware diens van God bestaan in aanbidding van die soewereine God.
- (2) Job se beproewing gaan egter nog verder. Sy vriende soek 'n **rede vir sy lyde**, en vind dit daarin dat dit 'n straf moet wees vir sonde wat Job gedoen het. Job kon hiermee nie saamstem nie. Maar hy word nou ook gedwing om oor die rede vir sy lyde na te dink. En hy kom tot die gevolgtrekking dat God hom ten onregte straf. Nogtans sê hy God nie vaarwel nie. Satan verloor dus nog steeds.
- (3) **Tog het Job gesondig teen die HERE deur Hom te berispe**. In antwoord hierop openbaar God aan hom sy majesteit Dit bring Job daartoe om God te aanbid as die Soewereine God. God het sy Goddelike Majesteit oor Satan bevestig in die lewe en lyde van Job.
- (4) In die lyde van Job sien ons iets van die **lyde van Christus**. Natuurlik is daar ook 'n groot verskil: God het nooit sy guns van Job onttrek nie, terwyl Christus deur God verlaat is. Job se ontroerende klag dat God hom verlaat het, is ongegrond. Alleen Christus kon in sy onskuldige lyde met reg klaag soos ons lees in hfst. 23:5-12. (Watter kruiswoord van Christus pas hierby?).

VRAE:

1. Waarom word die boek "bo-tydelik" genoem?

2. Is Job 'n denkbeeldige persoon?
3. Wat is die eintlike vraag wat in Job beantwoord word?
4. Wat het Job gesondig?
5. Hoe vergelyk die lyde van Job en die lyde van Christus?

PSALMS

1. NAAM:

Die Hebreeuse woord wat met **Psalm** vertaal word, staan by 57 van die psalms. Dit dui 'n gedig aan wat met sang en musiek voorgedra word. In die spraakgebruik van die Joodse sinagoge het die benaming **lofsange** opgekom, hoewel die woord in die opskrif van slegs Ps. 145:1 voorkom. Dit is 'n gepaste naam, want al is daar ook klaagsange en leerdigte, is die grondtoon van die Psalms tog die van 'n lofverheffing tot eer van die HERE. Die naam gebede is ook gepas (72:20), hoewel dit nie by alle psalms pas nie.

2. SKRYWER:

Die Psalmboek bestaan uit 'n **versameling liedere** wat uit verskillende tye dateer en baie verskillend van aard is. Die bundel het geleidelik gegroei uit **verskillende kleiner versamelings**. Daarom kom sommige psalms (14, 53) twee keer voor.

Die belangrikste van die kleiner bundels is die Psalms van **Dawid**. Verder is daar die bundeltjie van die Kinders van **Korag** en die psalms van **Asaf**. Psalm 113-118 is liedere wat op die Paasfees gesing is, en word genoem die **Egiptiese Hallel**. Die **Bedevaartsliedere** vorm ook 'n besondere groep (120-134).

3. HOOFINHOUD:

(1) Daar word twaalf soorte psalms onderskei:

- (a) Lofliedere — 33, 65, 98.
- (b) Koningsliedere, wat God se Koningskap besing — 96 tot 99.'
- (c) Koningsliedere, wat oor 'n aardse koning sing —18, 20.
- (d) Dankliedere van die volk — 47, 93.
- (e) Klaagliedere van die volk — 44, 74, 79.
- (f) Dankliedere van die enkeling — 9, 32, 107.
- (g) Klaagliedere van die enkeling.— 3, 6, 13.
- (h) Seën en vloekpsalms — 28, 134, 137.
- (i) Bedevaartsliedere — 120-134.
- (j) Oorwinningsliedere — 44, 66.
- (k) Geskiedenisvertellings — 78, 105, 106.

(2) Lofsange oor die Wet — 19, 119.

(3) Al is in die meeste psalms 'n enkeling aan die woord, kan die hele gemeente die woorde nasing.

(4) In die Psalms hoor ons eintlik die **Messias (Christus)** spreek. Sommige psalms is selfs direk 'n openbaring van Christus, soos Ps. 110.

ALGEMEEN:

Deur die eeue het die Psalms 'n groot en innige plek in die hart van die Kerk van die HERE ingeneem. In elke situasie bied die Psalms aan die gelowige hart die woorde om tot God te spreek. Luther het van die Psalms getuig: Daarin sien 'n mens al die heiliges in die hart.

VRAE:

1. Bid 'n mens altyd wanneer jy 'n psalm sing?
2. Waarom kom sommige psalms twee keer voor?

3. Hoeveel soorte psalms kan u onderskei?
4. Is die Psalms geskik vir die gesamentlike sang in die erediens?
5. Sing Christus ook in die Psalms?

SPREUKE

1. NAAM:

Die Hebreuse woord wat met Spreuke vertaal word beteken meer as net 'n spreuk. Dit beteken: spreekwoord, gelykenis, vergelyking, raaiselspreuk met 'n dieper gedagte, spotlied of spotrede.

In hierdie boek is die spreuke hoofsaaklik **kernagtige sinne**, waarin een gedagte so weergegee word dat dit maklik in die geheue vasgehou word. Dit gaan in 'n spreuk om praktiese **lewenswysheid**. 'n Wyse man verskil van 'n dwaas daarin, dat die wyse die regte beslissinge neem, en moeilikhede reg besien en oorwin. Hy het gesonde oordeel.

2. SKRYWER:

Salomo en ander wyse manne is deur die Heilige Gees geleer en geïnspireer, sodat in Spreuke God Self met sy vermaninge, verordeninge en raadgewinge tot ons spreek. God Self is Die Wysheid. Wie na Hom luister, is wys en staan in sy lewe op 'n vaste grondslag. Ons kry in die boek spreuke van Salomo en van Agur, en ook spreuke waarmee die moeder van Lemuel, die koning van Massa, hom vermaan het

3. HOOFINHOUD:

- (1) Die hoofgedagte van die boek is: Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE en kennis van die Heilige is verstand. (Waar staan dit in die boek?)
- (2) In Spreuke word die wysheid van God toegepas op die lewe van elke dag. Die regte weë word aangewys vir die **dankbaarheidslewe** van die kind van God. **Christus** het so gelewe, en in sy bergrede en gelykenisse word dieselfde wysheid gevind.
- (3) Om die boek goed te begryp moet ons onthou dat **'n spreuk 'n saak kras en skerp stel**. Dit gee die algemene reël en noem nie die uitsonderings nie, voorbeeld 12:21. Spreuke moet dus gelees word in die lig van die hele Bybel.

VRAE:

1. Wat beteken die naam "Spreuke"?
2. Is daar verskil tussen die **wysheid** van die Spreukdigter en **geleerdheid**?
3. Wie is "Die Wysheid" wat in Spreuke spreek?
4. Wat is die hoofgedagte van die boek?
5. Wat is die ooreenkoms tussen Spreuke en Matt hfst. 5-7?

PREDIKER

1. NAAM:

Die naam Prediker dui aan dat iemand in die amp staan van **oproeper** of **saamroeper**. Dit hou ook in dat die oproeper die spreker of die leier is in die volksvergadering. Hierdie boek is gelees op die derde dag van elke Loofhuttefees.

2. SKRYWER:

Die Prediker was 'n **wysheidsleraar**. Hy noem homself "die seun van Dawid, die koning van Jerusalem". In 1:12 word van sy koningskap as in die verlede gespreek. Die bedoeling is dus nie dat Salomo in eie persoon die boek geskrywe het nie, maar die skrywer lê sy woord die beroemde wyse koning in die mond. Dit is in die letterkunde 'n besondere literatuurvorm.

3. HOOFINHOUD:

- (1) Op grond van sy eie **lewenservaring** betwyfel die Prediker die stelling dat 'n lewe van goeie deug op aarde beloning vind. Die aardse lewe het hom **diep teleurgestel** met wat dit bied as 'n resultaat vir arbeid en geregtigheid. Oor alles hang tog maar die skaduwee van die **verganklikheid** en die dood, sê hy.
- (2) Tog is die Prediker diep oortuig van die feit dat **God In sy geregtigheid alles bestuur**, maar dit bly vir hom ondeurgrondbaar. (2:24-26; 3:13; 5:17-28; 12:11). Dit is vir hom te veel om te verstaan.
- (3) Sonder God is die aardse lewe 'n nietigheid en tevergeefs. So klink die konklusie van die Prediker. Hierdie konklusie laat ons ons **volslae afhanklikheid van God se genade diep voel**. Sonder God is alles — ja alles — tevergeefs en sinloos. God se gebooi en sy werke is die enigste wat sinvol is om te doen. Hy alleen gee betekenis en waarde aan 'n mens se lewe, deur sy wysheid, almag en genade.

Werk om te doen:

Vind 'n gedeelte in Prediker waar die konklusie gegee word soos in punt (3) gestel.

HOONGLIED

1. NAAM:

Hooglied beteken: lied by uitnemendheid; lied van die liedere. Die lied is altyd gelees op die agtste dag van die Paasfees.

2. SKRYWER:

Die opskrif lui: Die Hooglied van Salomo. Dit moet nie verstaan word as 'n lied wat oor Salomo handel nie. 'n Onbekende skrywer het die lied gedig, waarskynlik oor die huwelik van Salomo en die Sulamitiese (6:13). In hfst. 6:4 is sprake van Tirsa wat met Jerusalem vergelyk word. Tirsa was kort na Salomo se dood die hoofstad van die Tienstammeryk. Die lied is dus waarskynlik in die tyd geskrywe, toe die glorie van Salomo nog duidelik in die gedagtes van die volk nagelewe het.

3. HOOFINHOUD:

- (1) In Hooglied word op 'n natuurlike wyse gesing van die heilige liefde tussen Salomo en die Sulamitiese. Die liggaamlike skoonheid van die man en die vrou word besing. Die natuurlike liefde tussen man en vrou is 'n gawe van God. Die sonde maak dit lelik en onwelvoeglik. In Hooglied word die liefde belig in sy volle werklikheid.
- (2) Ook Hooglied moet gelees word in die lig van die res van die Bybel. Paulus skrywe oor dieselfde tema, die liefde tussen man en vrou, in Efesiërs 5:25-32. Daar noem Paulus die liefde tussen man en vrou 'n groot verborgenheid "met die oog op Christus en die gemeente". Dit beteken dat man en vrou hulle liefde en eenheid, hulle huwelikslewe, moet aanvaar as 'n ordening van God, terwyl hulle die voorbeeld van Christus navolg soos Hy sy Kerk liefhet. In hierdie lig moet ons die liefdeslewe, soos in Hooglied beskrywe, besien. Die bruid en bruidegom in Hooglied wys heen na Christus en sy bruid. (Wie is die bruid van Christus?).
- (3) Hooglied is dus God se openbaring oor ons natuurlike liefde tussen man en vrou: en dit openbaar die liefdeslewe, by wyse van gelykenis, tussen Christus en sy gemeente.

VRAE:

1. Waarom sou die lied die hoë naam hê?
2. Sou dit enige verandering aan die betekenis van die lied maak as Salomo dit self geskrywe het?
3. Het Hooglied enige betekenis vir die liefde tussen 'n man en 'n vrou?
4. Is daar ooreenkoms tussen Psalm 45 en Hooglied?

JESAJA

Werk om vooraf te doen:

Jesaja is die eerste profetiese boek waarmee ons kennis maak. Ons ken reeds die geskiedenisboeke en die feesboeke. Die profesie was van vroeg af al bekend. Daaronder word gereken die vloek van Noag oor sy seuns (Gen. 9). Moses word ook genoem 'n profeet. (Deut. 18:15 en Hosea 12:13) omdat hy God se openbaring aan die volk meegedeel het Aan die einde van die Rigtertyd begin die profete 'n aparte groep in die volk vorm. Na die regering van Salomo word die profesie feitlik die enigste middel waardeur God Hom aan Israel openbaar.

'n Profeet is iemand wat aan ander vertel wat God se wil is. Hy kan dit doen omdat God dit aan hom openbaar, Daarom sê die profete ook so menigvuldige male "so sê die Here". Hulle gee dikwels die woorde van die Here direk net soos Hy dit gespreek het. Lees in Kateg. Sondag 12 hoe word die werk van 'n profeet daar beskrywe.

1. NAAM:

Die boek word genoem na die profeet Jesaja. Die naam beteken: Die Here red.

2. SKRYWER:

- (a) Jesaja was 'n stadsbewoner. Hy het in Jerusalem gewoon. Die Here het hom in die sterfjaar van Ussia geroep tot profeet. Hy werk verder in die regeringstyd van Joram en Agas, konings van Juda in Jerusalem. Tydens die regering van Hiskia tree hy nog as profeet op. Hy was dus ongeveer 40 jaar as profeet werksaam.
- (b) Jesaja was vrymoedig in sy optrede. Hy was 'n ontwikkelde man met goeie kennis en begrip van die binnelandse en die buitelandse politiek. Sy vrou was 'n profetes. Hy het ten minste twee seuns gehad. Sy hele gesin het saam met hom in besondere diens van die Here gestaan (hfst 7 en 8).
- (c) Jesaja word genoem die adelaar onder die profete omdat hy in kalme majesteit alle letterkundige vorme volkome beheer.

3. HOOFINHOUD:

Die boek kan in twee hoofdele verdeel word.

- (a) **Jesaja verkondig God se Woord In verband met die gebeurtenisse van sy eie tyd.** Jesaja lewe in stormagtige tye. Die Assiriese wêreldmag is met sy verowering van die wêreld besig. Veral die Assiriese konings Tiglar-Piléser en Sanherib tree op die voorgrond. Om teen die mag van Assirië weerstand te kan bied, het die volke van die Midde-Ooste 'n verbond gesluit teen Assirië. Hulle hoop op die hulp van Egipte. Maar Jesaja sê Egipte is 'n geknakte riet. Juda het onder Jotam, en veral onder Agas, 'n politiek gevolg wat die guns van Assirië gesoek het. Dit lei daartoe dat Resin van Damaskus en Peka van Samaria Jerusalem aanval (Jes. 7 en 2 Kon. 16). Op hierdie tyd tree Jesaja in die Naam van die Here na vore. Hy spreek oordeel uit oor Resin en Peka en vermaan Agas tot vertrouwe op God. Agas luister egter nie. Hy kry Assirië se hulp, maar verloor daardeur die onafhanklikheid van Juda. Hiskia het hom weer teen Assirië verset. Daarom word Jerusalem deur Sanherib beleër. Weer tree Jesaja op die voorgrond. Hiskia slaan ag op die profeet se woorde en vertrou op God. So word die gevaar deur 'n wonderwerk afgeweer.

- (b) **Jesaja verkondig God se Woord vir die toekoms (hfst. 40–66).**

Jesaja het oor Israel die ballingskap aangekondig en straf omdat die volk hom nie tot die Here bekeer nie. Die tweede hoofdeel is 'n troosboek vir die volk in ballingskap. Dit verkondig God se verhevenheid bo die afgode (hfst. 46). God is oneindig groot in sy genade (40:27). Hy sal sy volk weer uit die ballingskap terugbring. Daarvoor beskik Hy die heidense koning Kores (hfst. 41). Dit het geskied in die dae van Esra en Nehemia.

(c) **Christusverkondiging:**

Jesaja word genoem die Evangelis van die Ou Testament In die eerste deel verkondig hy Christus veral as die Koning wat kom om Israel te verlos.

Lees hfst. 8:23 — 9:6; hfst. 11 en hfst. 32:1-8.

In die tweede deel verkondig hy Christus veral as die Knecht van die Here wat sy volk deur sy eie lyde verlos. Die bekendste in die verband is hfst. 53 oor die man van smarte.

VRAE:

1. Vind die Christusverkondiging in hfst. 61? Watter verband het dit met Luk. 4?
2. Hoe word Jesaja se Godsvertroue duidelik in hfst. 37?
3. Wat kan ons aflei uit Jes. 30:8 en Matt 3:3?

JEREMIA

Werk om vooraf te doen:

Lees hfst. 27–29.

1. NAAM:

Die boek word genoem na die profeet wie se profesieë daarin opgeteken is. Jeremia beteken: Die HERE grondves.

2. SKRYWER:

(a) **Die persoon.** Jeremia was uit 'n priestergeslag. Hy het 'n innige liefde vir God en vir sy volk. Uit sy boek leer ons hom ken as iemand wat gedurig moet waarsku teen die verkeerde optrede van die leiers van die volk. Die staatkundige en die godsdienstige leiers het God se gebooie oortree. Hy vervul sy roeping tot die einde, maar met 'n verskeurde hart wat soms dreig om hom wanhopig te maak. Ons leer hom ook ken as 'n biddende profeet. Hy doen voorbedding vir sy volk asof hulle sondes sy eie is. So is hy tipe van die Man van Smarte (Matt. 16:14).

(b) **Tyd van optrede.** Daar kan drie periodes onderskei word:

(1) Die tyd van die godvresende koning Josia, deur wie groot hervormings aangebring is na die goddeloosheid van Manasse (2 Kon. 22 en 34). Hierdie tyd word weerspieël in Jer. 1-6.

(2) Die tweede tydperk begin met die dood van Josia in sy weerstand teen Faraó Nego. Jójakim maak die hervormingsbeleid van sy vader ongedaan, en al die ou godsdienstige verval tree weer in (Jer. 7). Hierteen profeteer Jeremia met krag, met die gevolg dat die priesters teen hom saamsweer (18:18). Hy word mishandel en die tempel belet (hfst. 19 en 20). In haat en verharding verbrand Jójakim die rol met die profesieë van Jeremia. Jeremia ontkom saam met sy vriend en skrywer, Barug, slegs omdat God hulle verberg. Vanweë Jójagin, seun van Jójakim, se opstand teen die wêreldheerser, Nebukadnesar, word Jerusalem verower, die tempel geplunder en die jong koning saam met 'n groot deel van die volk in ballingskap weggevoer. So word die woord van Jeremia bewaarheid.

(3) Die derde periode begin met die aanstelling van Sedekia, derde seun van Josia, as regeerder in Jerusalem. Hy is deur die koning van Babel aangestel. Sedekia was te swak vir sy raadgewers wat steeds op hulp van Egipte teen Babel gehoop het. Hulle is sterk gesteun deur die valse volksprofete. Sedekia raadpleeg wel vir Jeremia, maar hy is te swak om uit te voer wat Jeremia verkondig. (Lees die botsing tussen Jeremia en die valse profete in hfst. 27-29). Na twee mislukte opstandsbewegings kom Babel Jerusalem verwoes. Dit is Jeremia se dieptepunt van lyde (hfst. 37-45).

Buite die gebied van Juda word die tyd van Jeremia gekenmerk deur die magstryd tussen Babel en Egipte. Nebukadnesar van Babel tree as oorwinnaar en wêreldheerser na vore om Juda saam met ander klein volkies plat te trap.

(c) **Jeremia en Barug.** Die profesieë is deur Jeremia van God ontvang en hfst. 1-17 is deur hom aan Barug gedikteer. Die res is waarskynlik profesieë van Jeremia met geskiedkundige aantekeninge van Barug, daarom word vanaf hfst. 18 van Jeremia in die derde persoon gespreek.

3. HOOFINHOUD:

Die tema van die boek vind ons in die roeping van Jeremia, hfst. 1:10. Jeremia is deur God aangestel om uit te ruk en om te gooi, om te vernietig en te verwoes, om te bou en te plant

Naas die aankondiging van oordeel oor sonde en ontrou, het Jeremia ook die komende

heil van God aangekondig. Nie die hele volk sal in ballingskap ondergaan nie. 'n Oorblyfsel, deur God se verkiesing, word gespaar. So het Jeremia ook 'n boodskap van genade vir die wat berou het en hulle bekeer (hfst. 3:14 en 3:16, 17). Die boodskap van genade vind 'n hoogtepunt in die profesieë oor die Christus, hfst. 23, 30, 31 en veral 23:6 en 33:16.

VRAE:

1. Met watter opdrag is Jeremia geroep?
2. Watter oordeel kondig hy oor Israel aan?
3. Wat is Jeremia se genadeverkondiging?

KLAAGLIEDERE

Werk om vooraf te doen:

1. Klaagliedere is die laaste van die vyf feesboeke. Noem die ander vier en die fees waarop elkeen gelees is?
2. Lees Klaagliedere hfst. 3. Wat is sonder end en daarom vir die gelowige tot troos?

1. NAAM:

- (1) Die boek is in die Hebreeuse Bybel genoem: "Ag hoe". Dit is die tipiese klaagwoord, en daarmee begin ook die boek. Die Griekse en Latynse vertalings het hiervan gemaak: Klaagliedere.
- (2) Klaagliedere is een van die Vyf Feesrolle, en is in die sinagoge gelees op die gedenkdag van die verwoesting van Jerusalem.

2. SKRYWER:

Die hele Joodse en Christelike tradisie is eenstemmig dat Jeremia die digter van hierdie Klaagliedere is. Die Bybel self sê nie wie die skrywer is nie.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Klaagliedere is in Israel, en ander volke, gesing oor die dode. So sing Dawid oor Saul en Jonatan (2 Sam. 1:19-27), en oor Abner (2 Sam. 3:33, 34). Die klaaglied is ook gebruik om te kla oor persoonlike rampe en teëspoede.

Ons vind verskeie voorbeelde in die Psalms, soos Ps. 3, 5, 6, 13, 86, 140. In die Psalms word die nood aan die HERE bekend gemaak en sy hulp afgesmeek. Ons vind ook psalms waarin die digter die tolk is van die volk se nood in tye van volksrampe bv. Ps. 44, 60, 74, 79.

- (b) In die boek Klaagliedere is daar vyf liedere. In hfst. 1, 2 en 4 vind ons dodesange of rouliedere. Die "dooie" is die verwoeste Jerusalem. Hoofstuk 3 is 'n klaagsang oor die digter se persoonlike leed. Hoofstuk. 5 is 'n klaagpsalm oor die nasionale smart van Israel.
- (c) Jerusalem met sy tempel en offerdiens is in die Ou Testament sinnebeeld van die Verlosser, en die afbreek van die tempel is die sinnebeeld van die kruisiging van die liggaam van die Verlosser. Hierdie Klaagliedere is dan profesie van die smart van die Kerk oor die smaad van Christus ons Verlosser.

VRAAG:

Stel die ooreenkoms en verskil tussen Klaagliedere en Hooglied vas? (Let op die verhouding tussen Christus en sy Kerk).

ESÉGIËL

1. NAAM:

Die boek word genoem na die profeet Eségiël, en die naam beteken waarskynlik: Die HERE versterk.

2. SKRYWER:

(1) **Die persoon.** Die boek is geskrywe deur die profeet self. Maar die inhoud van die boek is deur die HERE aan hom geopenbaar. Eségiël was die seun van 'n priester. Hy is saam met Jójagin in ballingskap weggevoer. In Babel het hy aan die Kebarivier in sy eie huis as 'n getroude man gewoon. Vyf jaar na die wegvoering is hy as profeet geroep. Sy hele optrede val binne die regeringstyd van die magtige koning Nebukadnesar van Babel Die ballinge het graag na Eségiël geluister (hfst. 8:1; 20:1; 33:30, 31). Daar is egter aanduiding dat hulle sy welsprekendheid meer bewonder het as wat hulle na sy prediking geluister het (hfst. 33:32). Eségiël was 'n man van breë ontwikkeling, soos o.a. blyk uit sy beskrywing van die wêreldhandel in hfst. 26–28. Hy was 'n digter, met 'n hartstogtelike vaderlandsliefde.

3. HOOFINHOUD:

(a) Sy profesieë.

- (1) Hy profeteer teen Jerusalem en kondig aan dat die Ryk van Juda se ondergang naby is (hfst. 1 tot 24).
- (2) Eségiël profeteer ook teen verskillende van die, omliggende volke soos blyk uit hfst. 25 tot 32.
- (3) Die profeet kondig die heil en genade van God oor Israel aan (hfst. 33-39), terwyl hy die koms van die Messias-Koning (d.i. Christus) aankondig. (Hfst. 34:33, 34).
- (4) Ten laaste ontvang die profeet 'n groot visioen waarin hy die herstelde lewe van Israel rondom die nuwe tempel in Jerusalem sien (hfst. 40-48).

(b) **Die boek is moeilik om te verstaan.** Sommige dele van die boek is moeilik om te verstaan, veral die visioene, sinnebeeldige handelings en gelykenisse. Ons moet egter daarop let dat die profeet eers oordele aankondig en dan oorgaan na heilsprofesieë vir Israel. So kom daar die vooruitsig op 'n herstelde heiligdom. Voor die verwoesting van Jerusalem was dit die taak van die profeet om sy hoorders alle valse hoop te ontnem. Toe die volk onder die oordele verneder is en elke hoop laat vaar het, het God deur die prediking van dieselfde profeet aan hulle nuwe hoop gegee.

(c) Die prediking van die boek.

- (1) God waak vir sy eer. Hierdie prediking tree by Eségiël meer op die voorgrond as by enige ander profeet. Die sondes van Juda en Jerusalem het die eer van God aangetas. Deur sy oordele handhaaf God sy eer. En as die heidene dan dink Jerusalem gaan ten onder omdat God magteloos is, is die herstel van Israel weer 'n saak van God se eer, (36:22).
- (2) Teenoor God pas dit die mens om net gehoorsaam te wees. Om 'n lewe van gehoorsaamheid te kan lei, het 'n mens die genade van die Heilige Gees nodig (11:19; 26, 27; 29:29). Tog onthef dit nie die mens van sy eie persoonlike verantwoordelikheid nie (hfst. 18, 33). God wil deur sy volk gedien word, daarom het hy met hulle 'n verbond aangegaan. Die genadeverbond laat Hy selfs in sy oordele nie los nie (hfst. 16).
- (3) Eségiël verkondig ook die Christus. Lees die hoofstuk oor die goeie herder (hfst. 34:11-31).

DANIËL

Werk om vooraf te doen:

Stel vooraf vas van Wie word in die Bybel gespreek as "die Seun van die Mens". Lees Matt 9:6.

1. NAAM:

Die boek dra die naam van die persoon wie se profesieë en lewensgeskiedenis daarin opgeteken is. Daniël beteken: Die HERE is my regter. In die Hebreeuse Bybel word Daniël nie gereken onder die profetiese boeke nie, maar onder die groep "Geskrifte", soos o.a. ook Esra en Nehemia. Ons reken die boek onder die profetiese boeke as een van die "vier grote profete" (N.G.B. art 4). By Daniël ontbreek egter die optrede as spreker, wat eie was aan die ander profete.

Daniël was van koninklike afkoms, en is deur Nebukadnesar weggevoer na Babel saam met Jójagin, om daar opgelei te word as paleis-dienaar. In Babel verwerf Daniël die hoogste staatsampte (2:48; 6:1—4).

2. SKRYWER:

(a) Die Joodse en oud-Christelike kerk het sonder twyfel aanvaar dat Daniël self die boek geskrywe het. Die Bybel self gee hieroor geen sekerheid nie. Daar is wel aanduidinge dat 'n ander persoon, waarskynlik kort na Daniël se dood, die boek geskrywe het met gebruik van Daniël se geskrifte (7:1, 2, 28). Hoofstuk 6:4 en 29 lewer hieroor die sterkste getuigenis aangesien daar van Daniël gespreek word as "hierdie Daniël". Dit doen niks af aan die gesag en die goddelike inspirasie van die boek nie.

(b) Die boek is gedeeltelik geskrywe in Hebreeus (hfst. 1:1 tot 2:4a en hfst. 8:1 tot 12:13), en Aramees (hfst. 2:4b tot 7:28). Aramees is 'n taal wat naby verwant is aan Hebreeus en wat langsamerhand die spreektaal van die Jode geword het

3. HOOFINHOUD:

(a) **Twee hoofdele.** Die boek kan in twee hoofdele verdeel word:

(1) **Die historiese deel** (Hfst. 1—6). In hierdie deel word die ervarings van Daniël en sy drie vriende in Babel beskrywe. Die belangrikste gebeurtenisse is: die poging om die Verbondskinders te verbabiloniseer; Daniël en sy vriende se weiering om die voedsel van die paleis te eet (hfst. 1); die drome van Nebukadnesar, en die uitleg daarvan wat God aan Daniël bekend gemaak het. Deur die drome word die oorwinning van die Ryk van God oor die wêreldryke bekend gemaak (hfst. 3 en 5). Hfst. 4 en 6 toon weer hoe magteloos die wreedste vervolginge is teen die almagtige beskerming van God.

(2) **Die profetiese deel.** (Hfst. 7 tot 12). Hierdie deel omvat die openbarings wat Daniël van God ontvang het. Die ewige heerskappy van die Seun van die mens word in hfst. 7 geopenbaar, en die groot verdrukking van die Kerk met die verlossing daaruit in hfst. 8 tot 12.

(b) **Die betekenis van die boek.**

(1) Die boek wek God se volk op om in die moeilikste omstandighede trou te bly in sy diens. Om hulle te bemoedig openbaar God sy wondermag wat hulle beskerm, soos vir Daniël in die leeu kuil. Die volk leer ook dat die gebeurtenisse nie sommer sinlose toeval is nie, maar dat alles gebeur volgens wat God met wysheid in sy Raadsplan bepaal het.

(2) Die verloop van die ganse wêreldgeskiedenis is vervulling van God se Raadsplan wat eindig met die volle verlossing en oorwinning van sy Kerk. Die wêreldmagte is bestem om onder te gaan, terwyl die triomf behoort aan Christus en sy Ryk, ondanks die sware vervolginge en verdrukkinge. Daarom troos die boek die Kerk, ook

wanneer die Antichris eenmaal in sy volle wreedheid die Kerk vertrap. Dan wag en hoop die Kerk op die klip wat sonder toedoen van mensehande losraak en die beeld fynstamp (Hfst. 2:35). Dan vertrou die Kerk op "Een soos die Seun van die mens" aan Wie gegee is "heerskappy en eer en koningskap", want "sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie" (7:13, 14).

VRAE:

1. Waarin verskil Daniël van ander profetiese boeke?
2. Noem die drie belangrikste openbaringe van die historiese deel?
3. Watter besondere troos put God se volk uit die boek?

HOSEA

1. NAAM:

Hosea is die naam van die profeet, en dit is 'n afkorting van die naam Josua wat beteken: DIE HERE VERLOS.

2. SKRYWER:

Hosea het **waarskynlik** self die boek geskrywe.

Dit word egter nie direk gesê nie. Hosea was 'n Noord-Israeliet, en hy profeteer hoofsaaklik in die tyd van Jerobeam II, d.w.s. kort voor die ondergang van die Tienstammeryk, Jerobeam II het 40 jare van roemryke regering gehad. Uiterlik was alles voorspoedig en veilig: weelde, militêre sterkte, talryke feeste, ryk oeste. Spoedig na Jerobeam se dood begin die tye van koningsmoorde en revolusie. In dieselfde tyd kom Assirië ook tot hernude kragontplooiing.

3. HOOFINHOUD:

- (1) Hosea preek veral vir Israel (die Tienstammeryk). hoewel hy soms hom ook tot Juda wend. **Te midde van die uiterlike voorspoed sien hy die ondergang van Israel** as gevolg van weeldesug, regsverkragting, onsedelikheid en valse vertroue wat berus op eie mag en slimigheid. **Israel verloën as verbondsvolk sy verhouding tot God.** Daarom sal Israel die weelde en voorspoed verloor wat aanleiding gee tot hulle ontrou en afgodery (Hosea 2:10-12).
- (2) **Die ongelukkige huwelikslewe van die profeet** — sy vrou het ontrou geword (hfst. 1-2) — is vir Israel 'n treffende lewende prediking van hulle gedrag teenoor die Here. God word voorgestel as die man en Israel as sy vrou. Die profesie van Hosea is veral teen afgodery en beelddiens, dit is: geestelike hoerery.
- (3) **Die kerngedagte van hierdie boek** is die verkondiging van die **liefde** van God, wat onverganklik en trou is, juis daarom is die profeet so skerp in sy veroordeling van die ontrou van Israel. Met gevoelige en innige teerheid word die liefde van God teenoor die ontrou van Israel gestel Die enigste hoop van Israel lê in die wonder van God se genade. In die genadeverkondiging vind ons die Christus-verkondiging in die boek.

VRAE:

1. Wat is die hoofgedagte van hierdie profetiese boek?
2. Watter ooreenkomste is daar tussen Hooglied en Hosea?

JOËL

Werk om vooraf te doen:

Die profetiese boeke vanaf Hosea tot Maleagi word genoem die Twaalf Klein Profete. Kan jy dink waarom? Vergelyk die lengte van hulle geskryfte met die van die vier groot profete wat ons reeds behandel het.

1. NAAM:

Die naam Joël beteken: Die HERE is God.

2. SKRYWER:

Die naam van die skrywer word alleen in die opskrif genoem. Hy het in Juda gewoon. Verder weet ons nie iets van hom nie.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Joël beskrywe 'n verskriklike **sprinkaanplaag** en 'n swaar **droogte** wat die land verwoes. Die sprinkaanplaag moet nie simbolies verstaan word nie. Dit was werklike sprinkane.
- (b) **Die profeet roep die volk tot bekering** deur hulle terug te roep na die onderhouding van die Wet van God (hfst. 2:12-14). As die volk hulle bekeer, belowe hy ryke seëninge (hfst. 2:24). Die seëninge is van stoflike aard, soos koring, mos en olie. Dit was die sigbare tekens van God se genade oor sy volk.
- (c) Bekering sal ook **ryke geestelike seën** meebring. Die belangrikste is die belofte van die uitstorting van die Heilige Gees op alle vlees (2:28).
- (d) Na die uitstorting van die Heilige Gees kom die "**dag van die HERE**". Dit sal vir die vyande van God se volk 'n dag van oordeel en ondergang wees. Maar vir sy volk is dit 'n dag van verlossing (2:31; 3:21). In die Nuwe Testament leer ons dat die "Israel" wat gered sal word, die gelowiges is (Gal. 3:7, 13, 15). Die vyande wat verdag sal word is hulle wat die Seun van God verag, (2 Petr. 2:9).

VRAE:

1. Wat bedoel Joël met "die dag van die" HERE"?
2. Watter verband is daar tussen Joël 2 en Handeling 2?

AMOS

1. NAAM:

Die boek dra die naam van die profeet wie se profesieë daarin opgeteken is.

2. SKRYWER:

Amos het waarskynlik self sy profesieë te boek gestel. Hy was afkomstig uit Tekoa in Juda, maar hy profeteer in die Tienstammeryk teen Israel Hy was nie 'n beroepsprofeet nie, maar was van beroep 'n boer. Hy tree op tydens die regering van Ussia in Juda en Jerobeam II in Israel. Sy styl is fors en fris, vol digterlike beeldspraak.

3. HOOFINHOUD:

- (a) **Amos is 'n boetprofeet.** Die uiterlike welvaart was vir die volk en die koningshuis nie tot 'n seën nie. Die een deel van die volk was welvarend, met weelde en oordaad (3:12). Dit maak hulle hebsugtig, bedrog neem toe, die armes word verkoop as slawe, die reg word vervals (2:7). Amos tree vir die verontregtes in die bres: God wil reg en geregtigheid hê.
- (b) Uiterlik was die godsdien in Israel vol lewe. Die feeste word druk bygewoon en die offers is oorvloedig by die heiligdomme te Bet-el en Gilgal Maar die godsdien is vals. Dit is afgodery en beelddien. Daarom is die veroordelende prediking van Amos hard: "So sê die HERE: Ek haat, Ek versmaad julle feeste" (5:21). Die oordeel van die Here sal teen hulle kom soos 'n swaard, en die heiligdomme van valse godsdien sal verwoes word (7:9).
- (c) Israel moet nie dink hulle is 'n uitverkore volk en daarom het hulle 'n vrypas om in sonde te lewe nie. Ook die Arameërs en Filistyne is deur die Here in hulle land geplant! God se hand is teen elke sondige volk (9:7-10).
- (d) Aan die einde van die profesieë van Amos vind ons ook heilsprofesie. Hy noem die Here vir die volk "jou God" (9:15). God se genade en trou bly staan ook wanneer Hy oordeel en straf oor sy verbondsvolk bring (9:11-15).

VRAE:

1. Profeteer Amos teen sy eie land?
2. Waarom word Amos genoem boetprofeet?
3. Wat is 'n boetprofeet?
4. Waarom haat die Here Israel se godsdienstige feeste?
5. Het Israel as uitverkore volk van God die reg om maar in sonde te lewe?
6. Hou God se genade op wanneer Hy sy volk straf?

OBADJA

Werk om vooraf te doen:

Lees die hele boek.

1. NAAM:

Obadja beteken: Kneg van die HERE.

2. SKRYWER:

Die Bybel sê nie wie die boek geskrywe het nie. Dit deel slegs mee dat dit "die gesig van Obadja" is. Die profeet het waarskynlik kort na die val van Jerusalem opgetree. Dan was hy 'n jonger tydgenoot van Jeremia.

3. HOOFINHOUD:

(a) Aanleiding tot die profesieë was die lafhartige optrede van die Edomiete teen Israel toe die volk voor hulle vyande moes vlug. Die Edomiete het van die geleentheid gebruik gemaak om gou toe te slaan. Hulle het gehelp om te plunder. Die weerlose, vluggende Israëliete het hulle dood gemaak.

Obadja ontvang opdrag om die gerig van God oor die sonde van Edom aan te kondig. Reeds Maleagi spreek van die gerig as voltrokke. (Maleagi 1:2-4).

(b) Edom was die nageslag van Esau. Die stryd tussen Israel en Edom is reeds in Gen. 25:33 voorsê. Die stryd is 'n broedertwis, waarteen Hebr. 12:1, 4-17 waarsku.

(c) Die profesie eindig met die aankondiging van die groot dag van die HERE (vs. 15, 16). Op die dag oordeel God al sy vyande, maar vir sy volk sal daar ontkoming wees.

(d) Die troos van die boek is: Die HERE regeer. Die koninkryk behoort aan Hom.

VRAE:

1. Van watter groot profeet is Obadja 'n tydgenoot?
2. Teen watter volk profeteer Obadja, en waarom?
3. Waarom sê ons Edom is 'n "broedervolk" van Israel?
4. Wat bedoel "die groot dag van die HERE" en hoe noem Joël dieselfde dag?
5. Gee die boek ook troos aan God se volk?

JONA

Werk om vooraf te doen:

Let by die deurlees op of Jona ons iets leer oor ons sendingwerk onder die heidene?

1. NAAM:

Die naam Jona beteken: DUIF.

2. SKRYWER:

Die Bybel sê nie direk wie die skrywer is nie. Dit is vir ons nie nodig om te weet wie dit is nie, want ons weet die belangrikste "wel. Ons lees van Jona ook nog in 2 Kon. 14:25. Hy het dus ongeveer in die tyd van Jerobeam II as profeet opgetree, in die Tienstammeryk.

3. HOOFINHOUD:

- (a) **Jona is nie in die gewone sin 'n profetiese boek nie.** Dit beskrywe 'n lewenservaring van die profeet Jona.
- (b) Jona ontvang opdrag om aan Ninevé, die hoofstad van Assirië, God se oordeel oor hulle goddeloosheid aan te kondig. Jona weier. Hy vrees Ninevé sal hom bekeer, en dan sal God die gehate heidenvolk spaar. **Jona wil God se barmhartigheid beperk tot Israel.** God dwing hom om te gaan, en spaar Ninevé na hulle bekering.
Hieroor erger Jona hom, maar God beskaam hom met die wonderboom.
- (c) Die boek verkondig God as **God van die hele aarde** wat vrymagtig en almagtig handel (vgl. die lot, vis, storm, boom). So word alle enghartigheid, wat God se genade wil inperk, veroordeel. Die boek is 'n profesie van die Pinkster-bedeling waar die Evangelie uitgaan tot alle volke in alle tale.

VRAE:

1. Is dit nodig om 1 Petr. 1:21 in gedagte te hou by die boek Jona?
2. Watter ooreenkoms is daar tussen die boeke Jona en Daniël?
3. Het die boek enige verband met Pinkster?
4. Watter verkeerde gesindheid openbaar Jona?

MIGA

1. NAAM:

Die naam Miga beteken: WIE IS SOOS DIE HERE.

2. SKRYWER:

Die feit dat die eerste persoon "ek" en "my" gebruik word, laat ons aanvaar dat Miga self sy profesie te boek gestel het. Miga was waarskynlik 'n tydgenoot van Jesaja, en hy profeteer in Juda. Sy boek is in digterlike vorm geskrywe.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Juda het onder die regering van Ussia 'n **bloeytyd belewe**. Dit gee aanleiding tot verval, en Juda word 'n prooi van Sanherib van Assirië.
- (b) Miga is 'n **boetprofeet**. Veral die vooraanstaande Israëliete het van die gebooi van die Here vervreem, en hulle skaamteloos aan goddeloosheid oorgegee. Met striemende woorde gésel hy die sonde van die volk en kondig die toorn van God aan.
- (c) Die profeet moet veral optree teen 'n verkeerde **Godsbegrip** by Israel wat tot die valse gerustheid lei: "Die HERE is in ons midde, dus kan geen onheil ons tref nie (hfst. 3:11), al sondig ons ook". Miga kondig aan dat God Hom nooit met die sonde vereenselwig nie (6:11).
- (d) Miga kondig die **Christus** wat kom, baie duidelik aan.
- (e) **Die sentrale boodskap** van die boek kan ons saamvat in die woorde van hfst. 6:8.

VRAE:

1. Watter beswaar het Miga teen die Godsbegrip van die volk?
2. Wat is die besondere betekenis van hfst. 4 :1-4 en 5:1-5?
3. Waar staan die woorde: "ootmoedig te wandel met jou God"?

NAHUM

1. NAAM:

Die boek word genoem na die profeet, en die naam beteken: TROOSRYK.

2. SKRYWER:

- (a) Die woorde "die boek van die gesig van Nahum", laat ons vermoed dat die profesie **deur Nahum self te boek gestel** is en dat dit onder die vromes in Juda gesirkuleer is.
- (b) Nahum gebruik **lewendige, beeldryke taal** vol digterlike beskrywinge, sodat die boek literêr een van die skoonstes in die Ou Testament genoem kan word.
- (c) Die tyd van Nahum se optrede moet gestel word onder die regering van Manasse, koning van Juda.
- (d) Dit volg uit die feit dat hy die val van die Egiptiese koningstad, No-Amon, vermeld. Dit het in 663 v.C. gebeur. Daarnaas kondig hy die val van Ninevé aan as aanstaande. Dit vind plaas 612 v.C. Nahum het dus ongeveer 650 v.C. opgetree.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Die boek het slegs een tema: **die ondergang van Ninevé**. Ninevé was die hoofstad van die wêreldryk Assirië, wat vir drie eeue 'n magtige en wrede rol in die wêreldgeskiedenis vervul het.
- (b) Die oordeelsaankondiging oor Ninevé is **"'n Godspraak"**. Dit beteken: God het dit gespreek. As God onheil oor Ninevé spreek, dan beteken dit heil en verlossing vir sy volk wat deur Assirië verdruk word.
- (c) **Die grondgedagte van die boek is:** die wêreldmag wat vyandig teen God is, sal uitgeroei word om plek te maak vir die volk van God. In hierdie vorm ontmoet ons dus weer in die boek die stryd wat die Here aangekondig het in Genesis 3:15. Christus sal eers die finale oorwinning oor die slang (die duiwel en sy sondige wêreldmagte) behaal.

VRAE:

1. Hoe laat Genesis 3:15 ons die boek Nahum beter verstaan?
2. Watter ander profeet was deur God gestuur om teen Ninevé te preek?

HÁBAKUK

1. NAAM:

Die naam van die profeet kom waarskynlik van die Hebreeuse woord wat beteken: omhels. Hábakuk beteken dan: Omhelsde.

2. SKRYWER:

Hábakuk was 'n tydgenoot van Sefanja en Nahum, waarskynlik in die vroeë regeringsjare van koning Josia.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Aan Hábakuk word geopenbaar dat daar **'n nuwe wêreldmag** aan die opkom is. Dit is die Chaldeërs. Die Chaldeërs sal 'n vinnige oordeelsvoltrekker wees, maar oormoed sal sy mag verderf.
- (b) **Hábakuk kla en twis** dan teen God. Eers kla hy oor die sonde van Juda. Hy vra: waarom gryp God nie in nie? (1:2-4). Hierop antwoord die HERE: Ek stuur die Chaldeërs as 'n tugtiging, "daardie kwaai en onstuimige nasie".

Die Chaldeërs is egter trots en goddeloos. Hulle krag is hulle god. Daar om kla die profeet weer: hoe kan God dit gedoog? Hierop antwoord God dat die Chaldeërs wat die gerig moes uitoefen, self in die gerig sal kom. Die HERE stel teenoor mekaar die lot van die geweldenaar en die lot van die regverdige. Die regverdige lewe deur sy geloof, terwyl oor die geweldenaar 'n vyfvoudige wee uitgespreek word (2:6-20).
- (c) Hierop volg in hfst. 3 die lied wat Hábakuk in die naam van die volk uitspreek. Dit is die amen van die geloof op God se openbaring. Die boek eindig dus met 'n **bevestiging van die waarheid**: die regverdige sal deur sy geloof lewe.
- (d) **Die troos van die boek is**: uiteindelik sal die aarde nie vervul wees met die geweld van die trotse magtiges nie, maar met die kennis van die HERE (2:14).

VRAE:

1. Watter nuwe wêreldmag sien Hábakuk opkom?
2. Op watter klagte van Hábakuk is hfst. 2:4 'n antwoord?
3. Hoe word die woorde van hfst. 2:4 in die boek bevestig?
4. Watter troos bied die boek?

SEFANJA

1. NAAM:

Die naam beteken: die HERE het verberg

(Ps. 27:5).

2. SKRYWER:

Sefanja is self die skrywer. Dit is uitsonderlik dat die profeet se geslag so noukeurig aangegee word. Sommige meen dit is om aan te dui dat hy waarlik 'n Israeliet was. Ander meen dit is om verwantskap met koning Hiskia aan te wys. Sekerheid oor die saak het ons nie.

3. HOOFINHOUD:

- (a) **Sefanja en koning Josia.** Sefanja het waarskynlik opgetree nog voordat koning Josia met sy eintlike reformasie begin het. Daarom verkondig hy die oordeel van die Here oor dieselfde sondes wat Josia so grondig uitgeroei het (Lees hfst. 1:4-9 en 2 Kon. 23 vanaf vers 4). Waarskynlik was Sefanja se prediking 'n kragtige aansporing vir Josia.
- (b) Die **hooftema** van die boek is die aankondiging van die groot dag van die HERE. Dit sal 'n dag van oordeel en gerig wees. Die oordeel sal oor alle lewende wesens gaan (hfst. 2), maar veral oor Juda en Jerusalem (1:4-13). Jerusalem verteenwoordig die kerk van die HERE.
- (c) Met die "**groot dag van die HERE**" word die oordeelsdag van God aan die einde van die wêreld bedoel. Maar dit sluit ook die gerigte van God in, wat daaraan voorafgaan in die geskiedenis van die wêreld. In die koms en wederkoms van Christus word die dag van die HERE volle werklikheid.
- (d) **Die genade van God** kom daarin uit dat die oordeelsaankondiging 'n oproep tot bekering is.

VRAE:

1. Wat is die waarskynlike verband tussen Sefanja en Josia?
2. Van watter "dag" praat Sefanja in hfst. 1:14?
3. Watter ander profete het ook van die dag geprofeteer?
4. Waarom sal die toorn van God ook oor die sondes van die Kerk ontvlam?
5. Waarin kom God se genade tot openbaring?

HAGGAI

1. NAAM:

Haggai beteken: feesteling, dit wil sê iemand wat op die feesdag gebore is.

2. SKRYWER:

Uit die feit dat van Haggai in die boek in die derde persoon ("hy") gespreek word, word afgelei dat hy nie self sy profesie te boek gestel het nie. Die argument is egter nie waterdig nie. Die boek is in prosa geskrywe in 'n redenerende vorm. Dit blyk veral uit die baie vrae. Die profete van voor die ballingskap het meestal digterlike werke geskrywe.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Die profesie van Haggai was van groot betekenis vir die geskiedenis van die Joodse volk. Na die terugkeer uit die ballingskap het die **herbou van die tempel** geruime tyd stilgestaan as gevolg van die teenstand van die Samaritane. Op aansporing van Haggai het die volk weer die werk hervat en voltooi.
- (b) **Haggai vermaan en hy moedig ook die volk aan.** Dit gaan oor die volk se **uitwendige godsdienspligte**, soos die gee van hulle tiendes en die bou van die tempel. Die vervulling van die pligte is van groot belang. Uit die nakoming van die pligte word die gesindheid van die hart openbaar. As die mens se hart reg is teenoor die Here sal sy dade daarvan getuig. Uit die traagheid in die nakoming van jou godsdienspligte spreek 'n lou hart.
- (c) **'n Mens kan die HERE nie beroof nie.** Wat jy uit suinigheid en hebsug van sy diens terughou, verloor jy deur 'n stukkende beursie (hfst. 1:5-11).
- (d) Dit is opmerklik dat Haggai die gebeurtenisse van sy dag telkens sien **in die lig van die Verlosser wat kom.** In hfst. 2:7-10 word aan die tempel 'n luister toegeskrywe wat eers ten volle vervul word in die tempel van die Lam (Openb. 21:3). En Serubbabel word verhef tot 'n beeld van sy groot Nakomeling, die ware Uitverkore Knecht van God. Hy is ons Here Jesus Christus (2:21-24).

VRAE:

1. Waarom is daar so baie vrae in die boek?
2. Tot watter groot taak inspireer Haggai die volk?
3. Wat het Esra en Haggai gemeenskaplik te doen gehad?
4. Waaraan is 'n lou hart te herken?
5. Wat leer ons uit hfst. 1:5—11?
6. Het Haggai Jesus profeties verkondig?

SAGARIA

1. NAAM:

Die boek word genoem na die profeet Sagaria, en die naam beteken: die HERE onthou.

2. SKRYWER:

(a) Soos Eségiël en Jeremia, was Sagaria uit 'n **priesterlike** familie. Hy het gelewe net na die terugkeer uit die ballingskap wat plaasgevind het in die regeringstyd van Kores. Sagaria is dus 'n tydgenoot van Esra en 'n jonger tydgenoot van Haggai.

(b) Tyd van sy optrede:

Die bou van die tempel het goed gevorder totdat die vyande met 'n versoekskrif by die koning Kores slaag dat die bouwerk gestaak moet word omdat dit staatsgevaarlik is. Intussen het Haggai en Sagaria die volk vuriglik aangespoor om met die bouwerk voort te gaan. Eers in die dae van Darius, kleinseun van Kores, kon die werk hervat word, nadat 'n versoekskrif van die Jode geslaag het

3. HOOFINHOUD:

(a) Die prediking van Sagaria aan die volk vermaan hulle om hulle tot die HERE te bekeer, dan sal Hy hulle genadig wees. Hulle **ongehoorsaamheid is die oorsaak van al die teenspoed** met die bou van die tempel. Die hou van vasdae en feesdae is waardeloos as geregtigheid en naasteliefde nie beoefen word nie.

(b) Ons hoor by Sagaria 'n **sterk hunkering na die tyd van die Christus**. Die naggestigte in die eerste deel (hfst. 1 tot 7) het te doen met die opbou van die tempel. Daarin kom elke keer trekke voor van die glorieryke tyd van die Christus. Serubbabel en Josua is tipes van die Verlosser. So kry ons in hfst. 6:12 die belofte van "die Spruit", dit is die Verlosser. En in 4:6 en 7 word van Serubbabel gesê dat voor hom die groot berge 'n gelykte sal word — iets wat in Jes. 40:4 van die Christus gesê word.

VRAE:

1. Waarna hunker Sagaria?
2. Van Wie spreek hfst. 4:6 en 7 en hfst. 3:8?

MALEAGI

1. NAAM:

Die opskrif van die boek lui "Godspraak". Die woord van die HERE deur die diens van my boodskapper. "My boodskapper" is as eie naam van die profeet opgevat, en hy is genoem Maleagi.

2. SKRYWER:

- (a) Die boek maak baie sterk die indruk van mondelinge voordragte. Ons kan aanneem dat die profeet dit self in 'n boek saamgevat het. Hy maak gebruik van 'n gespreksvorm om sy saak te stel. Dit gee 'n hoë mate van lewendigheid aan die profesieë.
- (b) Die profeet tree later op as Haggai en Sagaria. Die tempel is in sy tyd reeds voltooi, want hy bestraf hulle oor traagheid in die tempeldiens en nie in die tempelbou nie, soos Haggai. Maleagi se optrede val waarskynlik in die tydperk tussen die eerste en tweede verblyf van Nehemia te Jerusalem.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Die tyd van Maleagi word gekenmerk deur verval in die erediens, die onderdrukking van die armes deur die gegoedes, skending van die huwelik en misoeste. Dit bring 'n gees van mismoedigheid onder die volk asof die HERE hulle vergeet het.
- (b) Die profeet begin sy prediking aan die volk deur die volk van die liefde van God te verseker. En die liefde van God verkondig hy as die uitverkiesende liefde, wat alleen op God se trou en genade berus.
- (c) Die oorsaak van die heersende toestande lê nie by God nie. Sy trou of liefde het nie opgehou nie. Die oorsaak lê by die volk. Hulle het ontrou en ongehoorsaam en liefdeloos teenoor God geword. Daarom het die misoeste en die onsedelikheid hulle oorweldig.
- (d) Die profeet tree sterk op teen die egskeidings en gemengde huwelike met heidene. God is getuie tussen man en vrou, want uit die huwelik bou God die geslag van sy verbondskinders.
- (e) Die profeet is ook bekend vir sy oproep om die HERE nie te beroof nie, maar om getrou sy diens te onderhou. Anders kan die seën van die HERE nie verwag word nie.

Opdrag:

Vergelyk Maleagi 3:10 en 2 Korinthiërs 9:6.

VRAE:

1. Waaraan het die boek sy naam te danke?
2. Waarin verskil die vermaning van Maleagi van die van Haggai en Sagaria?
3. Wat is die aanleiding tot die volk se mismoedigheid?
4. Wat antwoord God op die volk se verwyf?
5. Watter kenmerk het die liefde van God in hfst. 1:1 en 2?
6. Maleagi sê in hfst. 2:14 dat God 'n getuie is. Waarop het dit betrekking?
7. Waarin daag die HERE Israel uit om Hom te beproef?

MATTHÉÛS

1. NAAM:

Die volle naam van die boek is: "Die Evangelie volgens Matthéüs". Die naam is dus die Evangelie. Evangelie beteken: blye boodskap.

2. SKRYWER:

In die oud-Christelike Kerk is sonder teësprak aanvaar dat die eerste Evangelie deur Matthéüs geskrywe is. Hy is die tollenaar Levi, wat tot apostel geroep is en Matthéüs genoem word (Matth. 9:9-13). Van 'n tollenaar kan ons verwag dat hy kon lees, reken en skrywe, ook in Grieks. Daar is nog geen vaste bewys gevind dat die tradisie nie waar is nie. Die feit dat Matthéüs een van die meer onbekende apostels was, versterk die geloofwaardigheid van die oorlewering. As dit 'n verdigsel was sou eerder 'n bekende apostel as skrywer gekies gewees het. Dit sou makliker aanvaar word.

3. HOOFINHOUD:

(a) Die boek of Evangelie is oorspronklik vir Joodse lesers geskrywe.

- (1) Daar word bekendheid met sekere Joodse gebruike veronderstel (15:2, 5; 26:17; 27:62).
- (2) Daarin kom meer aanhalings vooruit die Ou Testament as in enige van die ander Evangelies.
- (3) Die Jode se volkstrots en nasionale-godsdienstige gebruike en insettinge word opvallend eerbiedig (23:2, 3; 5:18; 10:5, 6 en 15:24).

(b) Die Evangelie wil bewys dat Jesus die Christus is.

- (1) Die Evangelie het die karakter van 'n verdediging van die Christelike geloof op grond van die vervulling van die beloftes van die Ou Testament. Die woorde "sodat vervul sou word" is soos 'n refrein in die boek, en kom minstens 15 keer voor.
- (2) Die boek is nie 'n geskiedenis van Jesus se lewe nie. Daar om volg al die gebeurtenisse nie mooi in die regte tydsorde opmekaar nie. Die boek is 'n Evangelie, 'n Goeie Boodskap, 'n prediking van Jesus as die Christus wat gekom het

VRAE:

1. Op grond waar van mag ons beweer dat die Jode die eerste lesers van hierdie Evangelie was?
2. Wat wil die boek aan sy lesers bekendmaak?
3. Wat is die verskil tussen "Evangelie van Jesus" en "lewensgeskiedenis van Jesus"?

MARKUS

1. NAAM:

"Die Evangelie volgens Markus".

"Volgens Markus", so was vanaf die vroegste tye die opskrif van hierdie boek.

2. SKRYWER:

Die boek self noem nie die naam van die skrywer nie, maar die oudste bekende kerklike oorlewering lui dat Markus die herinneringe van Petrus te boek gestel het. Markus, of Johannes met die bynaam Markus (Hand. 12:12), was reeds met die apostels bekend want die gemeente het gereeld in die huis van sy moeder byeengekom. Hy werk met Paulus en Barnabas saam, en volgens Kol. 4:10 en 2 Tim. 4:11 was hy by Paulus in Rome. Daar is egter ook 'n noue band tussen hom en Petrus, sodat Petrus hom in 1 Petr. 5:13 noem "Markus, my seun".

Markus is dus opgelei deur die twee groot apostels Paulus en Petrus.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Die Evangelie volgens Markus gee geensins 'n lewensgeskiedenis van Jesus nie, maar **openbaring** (= bekendmaking) van Jesus.
- (b) Die boek is bedoel vir **lesers in Rome**, Christene wat uit die heidendom bekeer is. Hulle moes onder swaar vervolginge ly. Daarom verklaar Markus bv. alle spesifieke Joodse gewoontes nader.
- (c) Die Evangelie wil aan die lesers toon **dat Jesus, die vernederde Seun van die mens, die Christus is**. Hy is die Seun van God. Dit doen Markus deur die daede, veral die wonderwerke, van Jesus mee te deel. Hierin lê ook hierdie Evangelie se onderskeiding van die ander drie.
- (d) Die Evangelie kan in **twee hoofdele** ingedeel word.
 - (1) Eerstens die opleiding van die dissipels wat uitloop op die belydenis, hfst. 8:29. "U is die Christus".
 - (2) Tweedens openbaar Jesus Homself aan die volk as die beloofde Verlosser.

VRAE:

1. Maak dit enige verskil as ons sou sê "die Evangelie van Markus" of "die Evangelie volgens Markus"?
2. Watter goeie gronde is daar om te aanvaar dat Markus die Evangelie geskrywe het?
3. Waarvan kan ons aflei vir watter lesers die boek oorspronklik geskrywe is?
4. Wat onderskei Markus van die ander Evangelies?
5. Watter plek neem hfst. 8:29 in die Evangelie in?

LUKAS

1. NAAM:

Die volle naam van die boek is: "Die Evangelie volgens Lukas".

2. SKRYWER:

Sedert die vroegste geskiedenis van die Christelike Kerk is **Lukas erken as die skrywer** van die derde Evangelie. Hierdie eenstemmigheid is opmerklik aangesien hy nie een van die vername apostels was nie. Hierdie oorlewering pas goed by die getuienis van die Skrif. Paulus noem Lukas sy "metgesel". Hy skrywe uit Rome: "Lukas is alleen by my" (2 Tim. 4:11). **Lukas was nie self 'n ooggetuie** van die werke van Jesus nie. Hy het egter baie en **betroubare bronne** — mense wat self ooggetuies was — geraadpleeg (1:2). Hy was self van heidense afkoms, maar het genoeg geleentheid gehad om sy bronne te raadpleeg. Hy was saam met Paulus in Palestina (Hand. 21:1—27:2). Daar was hy onder andere teenwoordig by Paulus se onderhoud met Jakobus, die broer van Jesus (Hand. 21:18).

Hy het ook geskrewe getuienis tot sy beskikking gehad (1:2, 3). Verder is dit duidelik dat hy grootliks gebruik gemaak het van sy metgesel, Markus, se geskrif. **Onder die leiding van die Heilige Gees** het hy uit al die bronne die waarheid meegedeel, "van alles wat Jesus begin het om te doen en te leer" (Hand. 1:1).

3. HOOFINHOUD:

- (a) Lukas noem self die doel van sy boek in hfst. 1:1-14. Hieruit is dit duidelik dat die **Evangelie geskrywe is vir mense wat uit die heidene bekeer is**. Hy wil aan hulle toon op watter vaste feite hulle geloof gegrond is. Waarskynlik is dit ook die rede waarom die boek **Lukas die volledigste is van die Evangelies**.
- (b) Lukas "**die geliefde geneesheer**" (Kol. 4:14) gee besondere aandag aan die genesingsdade van Jesus.
- (c) Die **wêreldomvattenheid** van die verlossing van Christus ontvang klem met die oog op sy lesers. So is Lukas die enigste wat bv. die lofsang van Simeon (2:31, 32) meedeel waarin hy Jesus besing as "'n lig tot verligting van nasies". Meer as in enige ander Evangelie openbaar Lukas Jesus se barmhartige houding teenoor die vrou (Lees 7:36 vv). Die vrou was in die tyd in baie opsigte as minderwaardig behandel deur die heidene.
- (d) Lukas bevat hoofsaaklik dieselfde stof as Matthéüs en Markus. Daarnaas is ook **baie stof wat alleen deur hierdie Evangelie meegedeel word**, bv. die breedvoerige geboortegeskiedenis, die opwekking van die seun van Nain, die salwing van Jesus deur die sondares, die geskiedenis van Zacheüs, die gebeure met die Emmausgangers, die gelykenis van die barmhartige Samaritaan.
- (e) Lukas teken Jesus soos **Hy Homself in woord en daad openbaar as die Christus van God**. Mense word alleen genoem vir sover hulle diensbaar was in hierdie selfopenbaring. Daarom vind ons die selfopenbaring van hfst. 4:14-22 so vroeg in die boek. (Waar staan hierdie woorde in Jesaja?).

JOHANNES

1. NAAM:

Die volle naam van die boek is: "Die Evangelie volgens Johannes".

2. SKRYWER:

Die oorlewering is baie oud en geloofwaardig dat die apostel Johannes die skrywer is. Hierdie sterk getuigenis van die oorlewering word **deur die Evangelie self bevestig**. Volgens Joh. 21:24 is die Evangelie geskrywe deur die dissipel vir wie Jesus lief gehad het. Hy was 'n ooggetuie, volgens hfst. 1:14. Hy was by die kruis teenwoordig, en kon sien dat uit die wond in Jesus se sy bloed en water gekom het. (19:34, 35).

Aangesien die apostel Johannes (en sy broer Jakobus) nooit in die Evangelie by die naam genoem word nie, is dit duidelik dat hy die dissipel is vir "wie Jesus liefgehad het". Saam met sy broer Jakobus word Johannes genoem "seuns van die donder" (Mark 3:17). Dit dui op 'n onstuimige gemoed. Hierdie apostel van die liefde was 'n man van sterk gevoelens. Dit blyk ook uit sy streng optrede teen dwaalleraars. (Lees wat dieselfde apostel skrywe in sy brief 2 Joh. vs. 7-11). Die kerkvader Ireneus vertel bv. van hom dat hy geweier het om onder dieselfde dak as die ketter Kerinthos te slaap.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Deurgaans veronderstel Johannes by sy lesers **kennis van die ander Evangelies**, daarom herhaal hy nie die gegewens wat reeds deur hulle meegedeel is nie. Hy vul aan wat by hulle ontbreek, en werp soms verrassende lig op feite in die ander Evangelies.
- (b) Die doel van die Evangelie is dat ons kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat ons deur te glo, die lewe kan hê in sy Naam.
- (c) Die klem word in die Evangelie gelê op die **vleeswording van die Seun van God**. Lees Joh. 1:1-14. Die vleesgeworde Woord is God en bly God. "Die Evangelie is een deurlopende kommentaar op die teks: "Die Woord het vlees geword". Johannes gaan uit van die feit dat Christus God is. Maar Hy wat God is, het ook waaragtig mens geword.
- (d) **Johannes skrywe vir gelowiges wat reeds diep ingelei is in die Evangelie van Christus**. Hulle is midde in die wêreld van die Griekse kultuur, waar die vleeswording van die Seun van God 'n groot dwaasheid geag is.

VRAE:

1. Watter bevestiging kry ons in die Evangelie vir die oorlewering dat Johannes die skrywer is?
2. Waarom ontbreek in hierdie Evangelie so baie gegewens wat wel in die ander drie meegedeel word?
3. Wat is die besondere betekenis van hfst. 20:30, 31?
4. Hoe verskil Johannes en Markus in wat hulle ten opsigte van Jesus beklemtoon?
5. Hoe verskil die eerste lesers van Johannes en Lukas?

HANDELINGE

1. NAAM:

Die **volle naam** van hierdie boek is: Die Handeling van die Apostels.

Eintlik beskrywe die boek nie die lewe en werk van die apostels nie. Selfs die twee hooffigure, Paulus en Petrus, se uiteinde word nie meegedeel nie. Die boek beskrywe in werklikheid **die werk van Christus** uit die hemel deur die werking van die Heilige Gees. Tog is die naam verstaanbaar want die apostels is die diensknegte deur wie Christus werk. Hulle tree op as sy getuies deur die krag van die Heilige Gees.

2. SKRYWER:

Handelinge is deur dieselfde Lukas geskrywe wat ook die derde Evangelie (Lukas) geskrywe het. Handelinge is bedoel as 'n **voortsetting van die Evangelie** en die twee moet as 'n eenheid gesien word. Lukas het baie van die dinge, wat hy beskrywe, self meegemaak. Hy het in Troas by Paulus aangesluit en het ook tydens sy gevangenskap in Cesarea en Rome by hom gebly.

3. HOOFINHOUD:

- (a) **Die doel** van die skrywer is om die verbreiding van die Evangelie te skets "in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterstes van die aarde". (1:8). **Hierdie verbreiding** geskied deur die kragtige getuienis van die apostels nadat die Heilige Gees hulle toegerus het
- (b) Die **hemelvaart** van Christus en die **uitstorting** van die Heilige Gees is die twee sentrale gebeurtenisse wat in die boek meegedeel word.
- (c) Die boek is nie net 'n feiteweergawe van die ontstaan en uitbreiding van die Kerk van Christus nie. **Dit is ook profesie**: so sal die Kerk voortaan in die wêreld wees. Christus en die Heilige Gees sal die Kerk vergader (vermeerder) en bewaar tot op die dag wanneer "hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel net so sal kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het". (Hand. 1:11).

VRAE:

1. Wat is die doel van die skrywer?
2. Watter sentrale gebeurtenisse word in die boek meegedeel?
3. Waarom kan Handelinge ook as 'n profesie beskou word?
4. Wat is die ooreenkoms tussen Handelinge en Josua?
5. Watter verband is daar tussen Handelinge en Lukas volgens Handelinge 1?

ROMEINE

1. NAAM:

Die brief is gerig aan die **gelowiges** in Rome, die hoofstad van die Romeinse Ryk. Ons weet nie hoe die gemeente ontstaan het nie. Ten tye van Paulus se skrywe het die gemeente blykbaar bestaan uit 'n aantal klein huisgemeentes. Daarom praat hy in die brief nie van "die gemeente in Rome" soos in sy briewe aan die ander gemeentes nie. Daar is **geen grond** vir die aanspraak van die Roomse Kerk dat Petrus die gemeente gestig het nie. **Die gelowiges het waarskynlik in die stroom van die groot wêreldverkeer na Rome getrek.**

2. SKRYWER:

Paulus het die brief op sy derde sendingreis geskrywe, terwyl hy te Korinthe was (Hand. 20:3 en Rom. 16:1). Toe het Paulus nog geen direkte kontak met die gemeente gehad nie.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Wat Paulus elders **mondelings gepreek** het, stel hy vir die gelowiges in Rome op skrif. Die brief bevat praktiese mededeling oor sy aanstaande koms na Rome, vermaninge teen valse leraars en tot eensgesindheid.
- (b) **Die hoofsaak** is die uiteensetting van die kern van die Evangelie: Regverdigmaking deur die geloof (1:16, 17).
- (1) Die regverdige oordeel van God oor alle mense as sondaars word verkondig.
 - (2) Die groot voorregte van die Jode maak dit des te meer sondeskuld dat hulle nie in Christus glo nie.
 - (3) Vir Jood en heiden is daar net die een weg tot verlossing: deur die geloof in Christus.
 - (4) Soos die dood deur Adam **oor alle mense** gekom het, so kom deur Christus geregtigheid en ewige lewe vir alle gelowiges.
 - (5) Wie deur Christus regverdig gemaak is, word ook heilig gemaak, want deur die geloof in Christus sterf die gelowiges vir die sonde.
 - (6) Die Heilige Gees woon in die gelowige om hom heilig te maak, en om hom sy volle kindskap, as 'n erfgenaam van God, deelagtig te maak.
 - (7) Ons het sekerheid van ons kindskap by God op grond van die uitverkiesende liefde van God (8:18—9:33). Die verkiesing werk deur die roeping tot geloof. Die lewe van die gelowige is algehele dankbaarheid en toewyding aan God. Dus: die gelowige se lewe is liefde en gehoorsaamheid.

VRAE:

1. Wat is die omstandighede van die gelowiges in Rome en hoe weerspreek dit die aanspraak van die Roomse Kerk dat Petrus die gemeente gestig het?
2. Waarin stem Sondag 7 van die Kategismus ooreen met wat Paulus aan die Romeine skrywe?
3. Hoe word Kategismus Sondag 23 in Romeine bevestig?

1 en 2 KORINTHIËRS

1. NAAM:

Korinthe was die hoofstad van die Romeinse provinsie Achaje. Deur die stad het die weë vir die ryk handel tussen Oos en Wes geloop. Die bevolking was oorspronklik Grieks. Daar was ook 'n aansienlike nedersetting van Romeine en Jode. In die stad was daar 'n skerp teenstelling tussen die klasse: ryk en arm, vryman en slaaf, aansienlik en onaansienlik. Die heidense godsdienste het groot **losbandigheid en onsedelikheid** meegebring, sodat die soort lewe gekenskets is met die naam: Korinthiaans.

2. SKRYWER:

Op sy derde sendingreis skrywe Paulus aan die gemeente vier briewe waarvan net die tweede en vierde bewaar gebly het.

3. HOOFINHOUD:

A. 1 KORINTHIËRS

- (a) **Aanleiding** tot die skrywe van die brief was die vraagstukke wat die jong gemeente aan Paulus voorgelê het. Hulle vra advies oor: huweliksake en die eet van offervleis. Paulus skryf dus 'n egte brief en nie 'n preek nie.
- (b) Van die draers van die brief, en van Chloe, het Paulus verneem van **twiste** en **ergerlike ontug** in die gemeente.
- (c) Paulus skryf ook oor **orde by die byeenkoms** van die gemeente, die gedrag van vroue in die gemeente, ongereeldhede by die liefdesmaaltye en die regte gebruik van die nagmaal, **die gawes van die Heilige Gees** waaronder die **liefde** 'n eerste plek inneem en die opstanding uit die dode as die sluitsteen van ons geloof.

B. 2 KORINTHIËRS

Die brief is drie jaar na 1 Korinthiërs geskrywe. Daar het groot spanning gekom tussen Paulus en die gemeente. Onder die aanvoering van 'n onrusstoker het die gemeente Paulus se apostelskap in twyfel getrek. Hy moes onverrigter sake van 'n besoek terugkeer. Diep gewond, maar in die krag van sy roeping deur Christus, verdedig hy sy **amp**. Die brief leer ons eerbied vir die amp.

VRAE:

1. In watter omstandighede bevind die gelowiges hulle in Korinthe?
2. Hoeveel briewe het Paulus aan die gemeente geskrywe?
3. Wat gee aanleiding tot Paulus se skrywe?
4. Watter belang word in 1 Kor. 15 aan die opstanding geheg?
5. Wat leer ons in hoofsaak uit 2 Korinthiërs?

GALASIËRS

1. NAAM:

Ons weet nie met volstrekte sekerheid wie die Galasiërs was nie. Op grond van Hand. 16:6 en 18:23 lyk dit die waarskynlikste dat bedoel word die rasegte Galasiërs, en nie die inwoners van die latere en meer uitgebreide Romeinse provinsie met die naam nie.

2. SKRYWER:

Paulus skrywe die brief waarskynlik uit Efese aan die gemeentes in die landstreek Galate.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Invloedryke persone — Christene van Joodse afkoms — het **dwaalleer** in die gemeentes versprei. Hulle word genoem: Judaïste. Hulle eis dat die Christene van heidense afkoms hulle moet laat besny, en dat hulle die Joodse Sabbat en feeste moet onderhou. Verder saai hulle **agterdog** teen Paulus se apostelskap en stel hom voor as afhanklik van die twaalf apostels in Jerusalem. Die brief is 'n **strydskrif** teen hierdie mense. Dit is egter ook veel meer. Dit is 'n **skitterende handhawing van die Evangelie van geregtigheid deur die geloof, sonder verdienste van die werke van die wet**. Dit toon dus groot ooreenkoms met Romeine.
- (b) Die volgende hoofwaarhede word in die boek uiteengesit:
- (1) Die regverdiging van die sondaar rus nie op wetsvervulling nie, maar word verkry deur die geloof.
 - (2) Die geloof en geloofslawe is aan die Heilige Gees te danke.
 - (3) Die verlossing rus in die genade; die wet is tugmeester tot Christus, dit dring ons om verlossing by Christus te soek.
 - (4) Die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, is geen losbandigheid nie. Dit is: **vry** van die seremoniële wette van Israel, maar **gehoorsaam** aan die wet van God uit liefde en dankbaarheid, deur die krag van die Heilige Gees.

VRAE:

1. Watter dwaalleer moet Paulus bestry?
2. Het Galasiërs ooreenkoms met Romeine? (Bewys jou antwoord).
3. Watter plek het die wet in die Christelike godsdienst, en wat is die verhouding van genade en wet volgens Gal 3?

EFESIËRS

1. NAAM:

Volgens Hfst. 1:1 is die Brief aan die heiliges in Efese geskrywe. Daar is egter duidelike bewyse in die boek dat dit nie uitsluitlik vir die Efesiërs geskrywe is nie. Dit val op dat Paulus — so anders as wat sy gewoonte in sy ander briewe is — aan niemand in die gemeente groete stuur nie, terwyl hy tog drie jaar daar gewerk het en dus baie intieme kennisse moes gehad het. Hy skrywe ook as iemand wat nie self die Evangelie aan die gemeente verkondig het nie. Verder is daar nog die feit dat die woorde "in Efese" in die twee oudste handskrifte (afskrifte) ontbreek. In hfst. 1:15 en 3:2 skrywe hy asof hy die lesers nie persoonlik ken nie. Algemeen word daarom aanvaar dat die brief oorspronklik 'n **omsendbrief** aan die gemeentes in die Weste van Klein-Asië was. Efese was die grootste van hierdie gemeentes. Daar is die brief uiteindelik bewaar.

2. SKRYWER:

Dit blyk duidelik uit hfst. 1:1 dat **Paulus die skrywer is**. Die brief is tydens Paulus se eerste gevangenskap in Rome geskrywe. Hy noem homself in hfst. 3:1 en 4:1 "die gevangene" en "'n gesant in kettings".

3. HOOFINHOUD:

- (a) Die hoofsaak van die boek is: **Die betekenis van Christus vir sy Kerk**. Christus verenig Jood en heiden tot lede van sy liggaam. Hulle moet as gemeente die eenheid bewaar en na buite openbaar, en alles vermy wat die eenheid versteur. **Die gemeente is die liggaam waarvan Christus die Hoof is**. Daarom kan die eenheid net bestaan in die waarheid, want Christus is die Waarheid. Waar valse leer mense saambind, is dit geen eenheid van die liggaam van Christus nie.
- (b) Dit is belangrik om te onthou dat die brief gerig is aan die **Christene uit die heidene** (hfst. 3:1). Hulle word op die hart gedruk dat dit 'n onberekenbare voorreg is om as huisgenote en erfgename in die Kerk van Christus opgeneem te wees, en nie as vreemdelinge en bywoners nie.
- (c) Paulus gee 'n baie duidelike en treffende uiteensetting van die redding van die gelowiges uit **loutere genade** deur God 'se vrymag. In hfst. 1:5 word duidelik gesê dat God ons "**voorbekik**" het om sy kinders te wees.

VRAE:

1. Op watter goeie gronde word die brief as 'n omsendbrief beskou?
2. Onder watter omstandighede skrywe Paulus die brief?
3. Wat leer die brief ons oor die betekenis van Christus vir sy Kerk?
4. Wat leer hfst. 2:1-10 ons van die genade?
5. Watter gronde vind ons in Efesiërs hfst. 1 en 2 om die standpunt te verwerp dat die uitverkiesing berus op God se alwetendheid wat vooruit sien dat iemand sal glo, en daarom verkies Hy hom?

FILIPPENSE

1. NAAM:

Die brief is gerig aan die "geheiligdes in Christus Jesus wat in Filippi is". Filippi is die eerste plek in Europa waar Paulus 'n gemeente gestig het. Daar het die Here die hart van Lidia, die purperverkoopster, geopen om die **Evangelie** te glo, (Hand. 16:14). Daar het ook die tronkbewaarder en sy huisgesin tot geloof in Christus gekom.

2. SKRYWER:

Hoofstuk 1:1 dui Paulus aan as die skrywer. Tussen Paulus en die gemeente was daar 'n besondere hartlike verhouding. Hy skrywe aan hulle uit die gevangenis, waarskynlik in Rome.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Die aanleiding tot die skrywe was die gawes wat Paulus vir sy onderhoud van die gemeente ontvang het.
- (b) Die gedagtegang van die brief is die blydskap en dankbaarheid van die gelowige. Selfs die lyde in 'n gevangenis kan die blydskap wat in die Here jubel, nie demp nie. Die boek wek ons ook op tot standvastigheid en volharding in die ware diens van Christus, in die onderlinge liefde en tot ywer vir 'n Christelike lewe.
- (c) In die boek word 'n duidelike openbaring van die ewige bestaan van Christus as die Seun van God, van sy vernedering in die vlees en verhoging gegee, Lees hfst. 2:5 tot 11.

VRAE:

- 1. Wat kan ons uit die brief aflei oor die lewensonderhoud van 'n bedienaar van die Woord?
- 2. Waartoe wek die brief ons op in hfst. 1:27 — 2:18?
- 3. Wat leer ons van Christus in hfst. 2:5-11?
- 4. Watter getuienis van God se vrymagtige genade gee die ontstaan van die gemeente Filippi?
- 5. Waarom tref hfst. 4:4-7 ons besonderlik, gesien die omstandighede waarin Paulus skrywe?

KOLOSSENSE

1. NAAM:

Kolosse was 'n stad in die Lycusdal in die Weste van Klein-Asië ongeveer 100 myl van Efese. Die stigter van die gemeente was Epafras. Tog is die stigting ook 'n vrug van Paulus se bediening toe hy drie jaar te Efese gewerk het en die Evangelie daarvandaan oor die hele gebied verbrei het (Hand. 19:10, 26). Met uitsondering van 'n klein groepie Joodse Christene, was die gemeente bekeerlinge uit die heidene.

2. SKRYWER:

Paulus word drie keer as die skrywer genoem. Hy het nooit self die gemeente besoek nie. Ook aan hierdie gemeente skrywe hy uit die gevangenis, waarskynlik te Rome.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Die brief toon groot ooreenkoms met die brief aan die **Efesiërs**. Dit kan wees dat hulle kort na mekaar geskrywe is.
- (b) Epafras het Paulus ingelig dat **dwaalleer** die gemeente bedreig. Die besnydenis word geëis, asook die nakoming van sekere Joodse feesdae en voorskrifte oor die gebruik van sekere voedselsoorte. Hierby het 'n asketiese eis gekom van "raak nie, smaak nie, roer nie aan nie". Hierdie **eiesinnige godsdiens** is aangevul met 'n veral van engele-verering.
- (c) **Die dwalinge** het die verhewendheid en genoegsaamheid van Christus as Middelaar aangetas. Teenoor die dwaalleer getuig Paulus van die **volkomenheid van Christus**. Hy het die volle saligheid verwerf vir sy Kerk, waarvan Hy die Hoof is. **In Christus het die gemeente alles**. Buite Hom is daar niks waarin steun en troos gesoek mag word of gevind kan word nie.
- (d) **Die boek handel oor: Die Godheid van Christus sy heerlikheid en waardigheid, sy grootheid in skepping en herskepping, sy heerskappy oor die ganse geskape wêreld** (ook oor die engele) en oor Hom as die **Hoof van sy Kerk, wat sy liggaam is**.

VRAE:

1. Was Paulus die stigter van die gemeente?
2. Watter plek het Epafras in die brief?
3. Waarin was die Kolossense deur eiesinnige godsdiens bedreig?
4. Waarin is daar ooreenkoms tussen Kategismus Sondag 11 en Kol. 1?
5. Hoe word die eenheid tussen Christus en sy Kerk in die brief omskrywe?

1 en 2 THESSALONICENSE

Opdrag: Lees art 44 van die Kerkorde.

1. NAAM:

Thessalonika word tans genoem Saloniki. Dit is die grootste hawestad en handelstad aan die noordelike deel van die Egeïese See. Met sy bevolking van Jode, Romeine en Grieke was dit 'n geskikte uitgangspunt vir die verbreiding van die Evangelie. Hier stig Paulus 'n gemeente wat grotendeels uit bekeerde heidene bestaan (Hand. 17:4). As gevolg van 'n oproer, deur die Jode op valse gronde aangestig, moes Paulus na drie weke van arbeid die stad skielik verlaat in die nag. Die Evangelie het egter gebly.

2. SKRYWER:

Die brief is deur Paulus geskrywe vanuit Korinthe, en is die oudste van die briewe van Paulus wat aan ons oorgelewer is. Dat die name van Silas en Timotheüs in die aanhef voorkom, geskied omdat hulle as mede-arbeiders van Paulus kennis gedra het van die inhoud van die brief.

3. HOOFINHOUD:

1 THESSALONICENSE

- (a) Na sy skielike vertrek was Paulus baie besorg oor die jong gemeente van skaars drie weke oud. Sy terugkeer word verhinder (2:18). Dan stuur hy Timotheüs. Sy rapport is die aanleiding tot die brief. (Ons kan Timotheüs se rapport oor die gemeente 'n visitasierapport noem. Visitasie is die ondersoek wat predikante as gesante (deputate) van die klassis in 'n gemeente doen om vas te stel of dit daar Christelik en ordelik toegaan). Die brief handel oor die probleme wat kenmerkend is vir so 'n jong gemeente van gelowiges uit die heidene.
- (b) Die brief kan in twee hoofde verdeel word:
- (1) Op bewoë en innige toon spreek Paulus sy blydschap uit oor die standvastigheid, geloof, hoop en liefde van die gemeente.
 - (2) Die gemeente word ernstig vermaan tot heiligmaking en hy verkondig die wederkoms van Christus, dat dit onverwags sal wees, en dat almal (ontslapenes en lewendes) in sy heerlijkheid sal deel. Dit skyn asof daar van die gemeentelede oorlede is sedert Paulus se vertrek, en toe het sommige gemeen dat hulle nou nie sal deel in die heerlijkheid van Christus se wederkoms nie.

2 THESSALONICENSE

Die uitwerking van Paulus se eerste brief was ten dele geslaagd. Die uitsprake oor die wederkoms van Christus het by sommige lidmate egter die indruk gewek asof die dag van die wederkoms reeds daar is (hfst. 2:2). Daarom het baie hulle dagtake nagelaat. Paulus noem hulle onordelik en vermaan hulle om te werk. Aan die wederkoms van Christus moet voorafgaan die optrede van die Antichris, die mens van die totale sondebederf.

1 en 2 TIMOTEÛS

1. NAAM:

Die briewe is **gerig aan Paulus se helper, Timotheüs**. Reeds sy moeder en grootmoeder, Eunice en Lois, was Christene. Op Paulus se eerste sendingreis kom ook Timotheüs tot geloofsbelydenis. Reeds op sy tweede sendingreis het Paulus die nog baie jong Timotheüs as **helper** saamgeneem. Vooraf word die hande hom plegtig opgelê. Die handoplegging het gedien as simbool dat hy die gawes vir sy roeping van die Here ontvang.

Paulus vertrou verskeie kere aan hom die **opbou en nasorg van 'n jong gemeente toe**. Toe die eerste brief aan hom geskrywe is, was hy in Efese om die gemeente te versterk en op te bou.

Timotheüs was deur die genade van God 'n **uitnemende prediker en organiseerder**, hoewel hy van nature skugter was, en die las van swak gesondheid moes dra.

2. SKRYWER:

Paulus is die skrywer van die twee briewe. Saam met die brief aan Titus word die briewe genoem die Pastorale (of Herderlike) briewe van Paulus. Dit is geskrywe aan herders van die gemeente.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Dit gaan in die briewe om die ampsbediening. Die ampswerk raak die welsyn van die hele kerk.
- (b) Die volgende voorskrifte kom daarin voor:
 - (1) In die samekomste van die gemeente moet die mans bid en die vrouens moet stil saambid (2:1-15).
 - (2) Dit noem die vereistes waaraan 'n ouderling en 'n diaken, en hulle vrouens moet beantwoord. Lees 3:1-16.
 - (3) Die ouderlinge, saam met die predikant, regeer die kerk (5:17).
 - (4) Die ampsdraer moet vlug vir die sonde van die geldgierigheid (6:6-11).
- (c) Paulus gee aan Timotheüs en Titus hierdie amptelike voorskrifte in die kerkregering omdat die **einde van die tyd van die apostels vinnig nader**. Die kerk moet ingerig word soos dit deur die eeue moet bestaan sonder die teenwoordigheid van die apostels. Wie dus wil weet hoe die kerk in die Nuwe Verbond georganiseer en ingerig word, moet eerstens die pastorale briewe aan Timotheüs en Titus raadpleeg. Daar vind ons die **finale beslag**, na die aanvang in Handellinge.

VRAE:

- 1. Watter plek neem die ampswerk in die briewe in?
- 2. Watter vereistes word aan ampsdraers gestel in 1 Tim. 3:1-16?
- 3. By wie berus die regering in die kerk?

(d) 2 TIMOTHEÛS.

- (1) Dit gaan hoofsaaklik oor **sake van persoonlike aard** in die verhouding tussen Paulus en Timotheüs. Paulus wil sy geestelike kind bemoedig in sy moeilike taak as herder en leraar.
- (2) Die middeldeel bevat **herderlike vermaninge omdat afval en dwaalleer in die**

kerk dreig. Daarteen moet Timotheüs standvastig bly; "verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering..." (4:2).

VRAE:

1. Met watter doel skrywe Paulus in hfst. 1 en 4?
2. Hoe moet Timotheüs teen die dwaalleer optree?

TITUS

1. NAAM:

Titus was een van die medewerkers van Paulus op sy derde sendingsreis. Volgens Galate 2:1 het hy saam met Paulus na die Kerklike Vergadering in Jerusalem (Hand. 15) gegaan. As heiden gebore, kom hy tot bekering onder die prediking van Paulus (Titus 1:3). Daarna het 'n innige band van liefde en vertrouwe tussen hom en Paulus gegroei.

2. SKRYWER:

Paulus skrywe sy brief aan Titus dieselfde tyd as sy eerste brief aan Timotheüs, nl. na sy eerste gevangenskap in Rome.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Titus is een van die drie Pastorale briewe.
- (b) Paulus getuig dat die doel van God se genade bewys is dat Hy gedien moet word. Dit moet Titus preek.
- (c) Die gemeente moet nie aanstoot gee in die wêreld nie, maar goeie werke doen en 'n gestry oor nietighede vermy.

VRAE:

1. Watter ooreenkoms is daar tussen Timotheüs en Titus?
2. Watter opdrag ontvang Titus in hfst. 2:11-15?
3. Hoe moet die gemeente se gedrag in die wêreld wees?

FILEMON

1. NAAM:

Die brief is gerig aan 'n gesin. By name 'n gesinshoof, Filemon. In die opsig is dit enig in die Bybel.

2. SKRYWER:

Die brief is deur Paulus geskrywe. Ons het dus in die Bybel briewe van Paulus aan gemeentes, aan die gemeentes in 'n landstreek, aan ampsdraers en aan 'n gesin.

3. HOOFINHOUD:

- (a) In die huis van Filemon was 'n gemeente. Daaronder het ook slawe getel. Dit is 'n bewys van die krag van die Evangelie. En dit toon die roeping van 'n gelowige gesin teenoor die ander mense wat in die huis is. So is dit vandag nog die korrekte en Christelike reël in baie gelowige gesinne om die bediendes by te roep wanneer die huisgodsdiens gehou word.
- (b) Aanleiding tot die skrywe was 'n slaaf wat weggeloop het (vs. 11), waarskynlik met geld van sy heer (vs. 18). Die slaaf, Onesimus, kom by Paulus uit, waar hy 'n Christen word. Die geloof in Christus vernuwe en heilig sy karakter so dat Paulus hom graag by hom sou hou, maar hy stuur hom aan sy heer terug, en saam met hom die brief.
- (c) Die Christelike geloof gooi nie die bestaande orde met 'n rewolusie omver, soos die kommunisme nie. Dit werk soos 'n suurdeeg, deur 'n nuwe geheiligde verhouding tussen heer en slaaf teweeg te bring. Die bekeerde Onesimus keer as 'n slaaf na sy heer terug. Maar Filemon moet in sy slaaf 'n broeder in Christus erken (vs. 16).

VRAE:

- 1. Watter roeping spreek uit die boek tot 'n gelowige gesin?
- 2. Hoe verander die geloof in die Evangelie die verhouding tussen 'n slaaf en sy heer?

HEBREËRS

1. NAAM:

- (a) "Hebreërs" is in die Nuwe Testament altyd die naam vir die Aramees-sprekende Jode (Hand. 6:1). **Die Inhoud** van die brief bevestig egter nie dat dit aan die Jode geskrywe is nie. Daar word bv. nie aangehaal uit die Hebreuse Ou Testament nie, maar uit die Griekse vertaling daarvan. Die brief is dus nie uitsluitend aan Jode gerig nie, maar aan **Christene in die algemeen**. Die eerste lesers was waarskynlik in Rome (13:24). **Die veelvuldige aanhalinge** uit die Ou Testament, en verwysing na die Tabernakel, het gelei tot die naam Hebreërs.
- (b) Die boek is **eintlik nie 'n brief nie**, maar 'n preek. Slegs hfst. 13:22-25 kan beskou word as 'n begeleidende briefie.

2. SKRYWER:

Oor die skrywer is weinig bekend. Daar bestaan slegs gissinge oor wie hy kon gewees het. Dit is egter duidelik dat hy skrywe aan mense wat al vir die tweede geslag Christene is (2:3).

3. HOOFINHOUD:

- (a) Die Christene wat in die boek aangespreek word, toon **tekens van verval**. Daar is verslapping in die geloof, wat weer lei tot die gewoonte om nie die eredienste by te woon nie.
- (b) Die trae Christene word **aangespoor** deur die verkondiging dat hulle ryker genadegawes ontvang het as die geloofshelde in die Ou Verbond, want Christus is soveel meer as enige hoëpriester. Hy is die volledige openbaring van God. Christus is die volkome **offer én altaar**, want Hy **offer Homself** net eenmaal.
- (c) **Groter voorregte bring groter verantwoordelikhede**. Die gelowiges onder die Nuwe Verbond moet nog gehoorsamer wees, en standvastiger in die geloof, as die gelowiges van die skaduagtige Ou Verbond. Hulle moet waak teen afval en moet vashou aan die belydenis van die ware geloof, nie van die eredienste wegbly nie en nie opsetlik sondig nie. Hulle moet volhard onder die beproewing en lyde, met die oë gevestig op Christus.

VRAE:

1. Pas die naam by die boek?
2. Is Hebreërs een van die **briewe** van **Paulus**?
3. Watter sondige gewoonte blyk uit hfst. 10:19-39?
4. Waarin is die Christene ryker as die gelowiges in die tyd van die Ou Testament?
5. Is daar grond om van die gelowiges na die tyd van Christus groter gehoorsaamheid te verg as van die gelowiges voor sy koms?

JAKOBUS

Opdrag: Lees vooraf hfst. 3 en 4.

1. NAAM:

Soos verskeie ander boeke in die Bybel, word ook hierdie brief **genoem na sy skrywer**.

2. SKRYWER:

'n Mens is geneig om te verwag dat die brief geskrywe is deur die apostel Jakobus, die broer van die **apostel Johannes**. Die verwagting word egter deur die volgende feite weerspreek: die apostel Jakobus is reeds vroeg, toe die kerk nog nie buite Jerusalem verbrei het nie, deur Herodus om die lewe gebring (Hand. 12:1). Die opskrif van die brief noem Jakobus ook nie apostel nie. Tans word algemeen aanvaar dat **Jakobus, die broer van Jesus**, die skrywer is. Hy het 'n leidende posisie in die gemeente van Jerusalem gehad.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Daar heers moedeloosheid, wêreldgelykvormigheid en onenigheid onder die mense aan wie Jakobus skrywe. Hy noem hulle in hfst. 1:1 "die twaalf stamme wat in die verstrooiing is". Dit is die Griekssprekende Jode was as gevolg van die vervolginge in Jerusalem gevlug het na die omstreke van Palestina. Daar het sommige by ryk Jode gewoon vir wie hulle op die lande gewerk het teen 'n hongerloon (5:4).
- (b) Die doel van die boek is om die lesers te vermaan en te bemoedig. Die geloof word aan hulle voorgehou as 'n lewende en werkende krag in 'n mens. Die lesers het wel in Christus geglo, maar die goeie werke as vrugte van die geloof het ontbreek. So 'n werklose geloof is dood.

VRAE:

1. Waarom neem ons aan dat dit nie die **apostel** Jakobus is wat die brief geskrywe het nie?
2. Wat weet u van Jakobus, die broer van Jesus?
3. Watter lig werp hfst. 1:1 op die inhoud van die boek?
4. Met watter doel skrywe Jakobus?
5. Watter verhouding blyk uit hfst. 3 en 4 tussen werke en geloof?

1 en 2 PETRUS

1. NAAM:

Die briewe word **na die skrywer genoem. Dit is anders as die briewe van Paulus** wat genoem word na die lesers aan wie dit geskrywe is.

2. SKRYWER:

Die opskrif van die briewe dui die skrywer aan as, "**Petrus 'n apostel van Jesus Christus**" Dit is die bekende dissipel Simon Petrus. Alhoewel hy 'n leier en woordvoerder onder die dissipels is, is hy ook blootgestel aan die verleiding van Satan (Matth. 16:23). Dit is alleen aan Jesus se voorbeding te danke dat hy nie in sy geloof beswyk het nie (Luk. 22:31). Die Here gebruik hierdie apostel, wat self weet wat dit beteken om in sonde te val, om ander teen afvalligheid te waarsku.

Petrus sê dat hy **deur Silvanus** skrywe (5:12). Dit beteken dat Silvanus as sekretaris vir Petrus opgetree het

3. HOOFINHOUD:

A. 1 PETRUS

- (a) **Die doel** met die brief is om die gemeente in Klein-Asië **te troos en te bemoedig**, te vermaan en te verseker. Wanneer die **vervolginge** oor hulle losbreek, moet hulle standvastig bly .en deur die Christelike hoop vashou aan die genade van God.
- (b) **Die lewende hoop** van die Christen neem 'n sentrale plek in Petrus se prediking in. Die Christelike hoop is gerig op die erfenis wat in die hemele bewaar word vir elkeen wat in Christus glo. (1 Petr. 1:3-6).
- (c) Die gelowiges doen nie aan die sondelewe van die heidene rondom hulle mee nie. Daarom word hulle uit afguns vals belaster en beledig, Ter wille van die Naam van Jesus Christus moet hulle die belasteringe tot 'n leuen maak. Dit kan hulle doen deur **skoon en heilig te lewe tussen die heidene**. As hulle dan onskuldig vervolgd en belaster word, sal hulle onskuldige lyde God verheerlik.

B. 2 PETRUS

- (a) Petrus rig sy tweede brief **aan alle Christene**. Hy noem hulle "die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het". Maar dan het hy tog eintlik in die oog daardie gemeentes wat deur **dwaalleer** geteister word. Daar bestaan in die gemeentes **twyfel** oor die belofte dat Christus spoedig weer kom. Dit gee aanleiding daartoe dat sommige losbandig en sedeloos lewe, wat weer die **spot** van die heidene uitlok.
- (b) Die apostel **bevestig dat die dag van Christus se wederkoms kom**. Hy vermaan die gelowiges dat hulle die dag vlekkeloos voor die Here bevind moet word. Daarom moet hulle teen die sonde stry. Die dag van Christus se wederkoms sal die oordeelsdag oor die spotters wees.

VRAE:

1. Hoe moet ons 1 Petrus 5:2 verstaan?
2. Waarom wil Petrus die Christene troos?
3. Vind 3 verse in 1 Petr. waarin Petrus skrywe oor die **hoop**?
4. Wat is 'n Christen se roeping in die midde van heidene?
5. Watter gevolge het dwaalleer in 'n gemeente, volgens 2 Petrus?
6. Wat leer Petrus oor die dag van die Here? En hoe stem sy leer ooreen met die profesieë van Obadja en Sefanja?

1, 2 en 3 JOHANNES

Opdrag: Lees Evangelie volgens Johannes 1:1-14 en 1 Joh. 1.

1. NAAM:

Die briewe word genoem na hulle skrywer.

2. SKRYWER:

Die skrywer van die briewe is die bekende apostel Johannes. Hy was 'n ooggetuie van die omwandelinge van Jesus. Die briewe toon in taal en styl treffende ooreenkomstige met die Evangelie volgens Johannes. Die apostel het as geestelike leier, met vaderlike gesag, sy briewe geskrywe.

3. HOOFINHOUD:

A. 1 JOHANNES

In sy eerste brief waarsku die apostel die gelowiges teen die **anti-Christelike dwaalleraars**. Hulle is anti-Christelik, veral omdat hulle dit verwerp dat Jesus die Christus van God is. Hulle dwaalleer verwerp die soenverdienste van Christus. (Lees Katg. Sondag 12 wat "Christus" beteken). Die dwaalleraars **berei die weg vir die Antichris** deur hulle leer dat geloof en 'n rein lewenswandel nie noodwendig saam gaan nie. Die dwaalleraars spog oor hulle kennis van God, maar hulle valsheid word ontmasker deurdat hulle sonder liefde lewe. **Teenoor die dwaalleer stel Johannes sy prediking**. Hy beklemtoon by herhaling dat godsdiens en reinheid, geloof, liefde, kennis van God, en 'n lewe in gehoorsaamheid aan die gebod van die Here onafskeidbaar van mekaar is. "Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het".

B. 2 JOHANNES

Die tweede brief is gerig aan "die uitverkore vrou". So noem Johannes die gemeente van die Here aan wie hy skrywe. Hy sluit aan by die beeldspraak in die Ou Testament dat God die man, en sy volk die vrou is. Die Nuwe Testament spreek van Christus as die Bruidegom en sy gemeente as die bruid. Die brief wek die gelowiges op tot onderlinge liefde.

Die onderlinge liefde openbaar dat die gelowiges God se liefde ontvang het, en dat hulle Hom ook lief het "En dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy geboorte" (1:6). Liefde tot God is dus nie 'n blote gevoelsopswelling nie. Terselfdertyd waarsku die apostel teen die verleiers wat die kerk van Christus wil vervreem van sy Verlosser. Elkeen wat die kerk van die Middelaar Christus wil vervreem, is die Antichris of die helper van die Antichris wat kom. Elkeen wat nie bely dat Jesus die Seun van God is wat in die vlees gekom het nie, is sonder 'n Saligmaker.

C. 3 JOHANNES

Die brief is **gerig aan Gajus**, wat 'n heilsame invloed in die gemeente uitgeoefen het. Die Evangeliste het getuig hoe hy hulle gehelp het. Johannes bemoedig hom om met die hulp voort te gaan "want vir sy Naam het hulle uitgegaan". Wie sulke mense help, word 'n **"medearbeider van die waarheid"**.

In teenstelling met Gajus is daar in die gemeente 'n ander voorganger wat sy **posisie misbruik**. Dit is Diotrefes. Hy soek sy eie eer. Johannes stel hom in sy selfsug aan die kaak, en hy vermaan Gajus om hom nie na te volg nie.

VRAE:

1. Aan wie is elk van die briewe gerig?
2. Wat leer Antichristelike dwaalleraars?
3. Wat leer elke brief ons van die liefde?
4. Watter dwaalleer verwerp Johannes in 1 Joh-2:6?

JUDAS

Opdrag: Lees die hele brief.

1. NAAM:

Die brief is genoem na die skrywer daarvan.

2. SKRYWER:

Die skrywer noem homself: "Judas, 'n dienskneg van Jesus Christus en 'n broer van Jakobus". Daar was twee dissipels met die naam: Judas die verraaier, en Judas die seun van Jakobus. Maar die skrywer was volgens vs. 17 nie self 'n apostel nie. Aangesien hy homself aandui deur te verwys na sy verbintenis met Jakobus, sy broer, moet ons aanneem dat die Jakobus 'n baie bekende man was. Die apostel Jakobus is egter al in die jaar 44 na Christus doodgemaak (Hand. 12:17). Daar word nog 'n Judas in die Evangelie genoem (Matth. 13:55). Hy is die broer van Jesus. Hierdie Judas se broer Jakobus was die leier in die gemeente van Jerusalem. Deur die geloof staan die geestelike betrekking tussen hom en Jesus so ver bo die bloedverwantskap, dat hy homself nie aandui as die broer van Jesus nie, maar na sy verwantskap met die bekende Jakobus verwys. Hy is 'n dienskneg van Jesus. Hoewel die broers van Jesus aanvanklik ongelowig was, vind ons na sy hemelvaart sy broers saam met die dissipels eendragtig in die gebed (Hand. 1:14).

3. HOOFINHOUD:

- (a) Judas waarsku teen die valse leraars en die goddelose lewenswandel wat met die dwaalleer gepaard gaan. Die dwaalleer waarna hy verwys, kan soos volg opgesom word: hulle leer dat die genade van God 'n mens toelaat om enige kwaad te doen. Die genadige God sal jou mos vergewe. Verder erken hulle nie die Here Jesus as hulle enigste Eienaar en Here wat oor hulle ganse lewe beskik nie. Hierdie dwaalleer lei tot besoedeling van die vlees: hulle lewe in onkuisheid; ter wille van omkoopgeld ver lei hulle die volk tot hoerery en afgodsdienste; en by die liefdesmaaltye is hulle 'n skandvlek met hulle vraatsug. Die dwaalleraars is sonder eerbied vir die heilige dinge en spreek harde (brutale) woorde teen God. By al hulle brutaliteit is hulle tog kruiperig "ter wille van voordeel". Petrus skrywe teen die dwaalleraars wat **sal** kom, Judas teen die dwaalleraars wat gekom **het**
- (b) Teenoor die dwaalleraars word die gelowiges opgeroep om vas te staan in hulle geloof. Hulle moet hulleself in die geloof opbou. Beskerming moet hulle soek in die liefde van God, terwyl hulle volhard in verwagting van die barmhartigheid van onse Here Jesus Christus. Die dwalendes moet met liefde soveel moontlik terug gebring word, maar van die sonde moet die gelowiges 'n afsku hê. Daarom moet hulle waak dat hulle nie self daartoe verlei word nie. God is magtig om hulle te bewaar.

OPENBARING

Opdrag: Let by die deurlees noukeurig op die volgende:

1. Die redes waarom die boek met versigtigheid en beskeidenheid verklaar moet word.
2. Die afsluiting van God se openbaring met die boek.
3. Die troos vir die Kerk in die boek.
4. Die verwagting waarmee die Kerk van Christus — en elke lewende lidmaat van die Kerk — moet lewe en werk.

1. NAAM:

Die naam van die boek kom uit hfst. 1:1. Dit is eintlik "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur". "Openbaring" beteken hier: 'n bekendmaking van die toekoms volgens die Raad van God. Maar in hfst. 1:3 word die boek weer genoem "die profesie". En 'n profesie spreek oor die wil van God in die gebeurtenisse van die profeet se eie tyd en omgewing. Die boek het dus 'n tweeledige karakter. Dit is openbaring en profesie. In hfst. 1:19 word die twee karaktertrekke van die boek mooi aangedui. Dit handel oor "**wat is**" (profesie), en oor "**wat gaan gebeur**" (openbaring).

2. SKRYWER:

- (a) Die boek het sy oorsprong by God Self. Hy het die openbaring aan Jesus Christus gegee, en Christus het dit deur engele aan Johannes gegee (1:1). Johannes het dit weer aan die Kerk gegee. Na sy vorm is die boek 'n brief aan die gemeente in Klein-Asië. Tog is dit na sy inhoud bedoel vir die Kerk in alle eeue en plekke.
- (b) Die skrywer noem homself Johannes. Hy was so bekend dat dit genoeg was, sonder gevaar dat daar misverstand by die gemeentes kon wees. Die eenstemmige oorlewering is dat die skrywer die **apostel** Johannes is.
- (c) Die boek is geskrywe terwyl Johannes 'n banneling op die eiland Patmos was. Patmos is naby die kus, teenoor Efese. Die oorlewering stel die jaar 95 n.C. as die jaar waarin die boek geskrywe is. Dit was teen die einde van die vervolginge van keiser Domitianus.

3. HOOFINHOUD:

- (a) Net soos Esegïel en Daniël het Johannes gesigte gesien wat ons nie sommer letterlik kan opvat nie. Dit moet versigtig in die lig van die hele Bybel verklaar word. En daarby moet onthou word dat dit ook handel oor dinge wat nog onbekend is, "wat gaan gebeur". Die sluier van die toekoms word dus enigsins gelig. Maar Johannes gebruik die dinge wat in sy ervaring en wêreld bekend is om die onbekende dinge van die toekoms te beskrywe. Die "sprinkane" in hfst. 9 is nie werklike sprinkane nie. Dit is 'n beeld waarmee iets anders, wat in die toekoms sal kom, bekend gemaak word. Waarskynlik is ons moderne vliegtuie en bomwerpers al 'n aanduiding van wat Johannes se "sprinkane" sal wees. Ons verbeelding mag egter nie vrye loop neem om hedendaagse persone en gebeurtenisse aan te dui as die finale vervulling van die toekoms-openbaringe in die boek nie. Groot versigtigheid en beskeidenheid pas by die verklaring van die boek.
- (b) Getalle speel in die boek 'n belangrike rol. Veral die getal sewe kom dikwels voor. Die getal sewe vorm ook die grondstruktuur van die kunstige digwerk. Ons vind in volgorde: sewe gemeentes, sewe briewe, sewe seëls, sewe basuine en sewe plaë. Die getalle 3, 4, 10 en 12 (en veelvoude daarvan: 12 x 12 x 10 x 10) kom meermale voor. Die getal drie is die getal van die Drie-enige God. Die getal vier is die getal van die skepping: stof, plant, dier, mens. Sewe is dan die getal van volheid. Tien dui afgerondheid aan. Twaalf is die getal van die Kerk: twaalf stamme van Israel en die twaalf apostels.

- (c) Die doel van die boek is om die vervolgte Kerk te troos deur die triomf van Christus en sy Evangelie te beskrywe. Hy oorwin al sy en my vyande. En Hy bring die volle saligheid vir die wat in Hom glo.
- (d) Die sentrale gedagte is: Jesus Christus die Here, kom! Hy kom nie net eenmaal op die wolke nie. Hy is nou al besig om te kom. Die verloop van die wêreldgeskiedenis na sy hemelvaart is die voorbereiding van sy koms. Wanneer Hy eindelijk in volle heerlijkheid verskyn dan voltrek Hy die laaste oordeel oor sy vyande, en dan volbring Hy die finale verlossing van sy Kerk. Daarom is die boek 'n vermaning om die Here te verwag.

"Die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom!"

Hiermee sluit die direkte openbaring van God aan die mense af. Nou het ons SY WOORD, die Bybel, as

"'n lamp vir my voet en

'n lig vir my pad"

(Ps. 119:105).

DIE DORDTSE LEERREËLS

Toegelig

vir

Klas IV

deur

Dr. G. C. P. van der Vyver

VOORWOORD

Die Dordtse Leerreëls, een van ons drie belydenisskrifte, is 'n kosbare skat. Die gevaar is nie denkbeeldig nie, dat dit by ons 'n dooie letter word wat slegs 'n plek agter in die Psalmboek het. Dit mag nie.

'n Belydenisskrif veronderstel dat dit deel van die hart en lewe van die belyder daarvan is. So moet dit ook wees met ons as gereformeerde gelowiges.

Miskien sê u: maar die Dordtse Leerreëls se inhoud is vandag nie meer so aktueel nie. Nee, u is verkeerd. Afgesien daarvan dat dit die hart van ons gereformeerde belydenis is, moet dit vandag nog uitgedra word teenoor Remonstrantse dwalinge. Dit kom nog veelvuldig voor. Ons dink veral aan die dwalinge van die Apostoliese geloofsending en meeste van die sektes. Vir die skriftuurlike uitverkiesingsleer is daar in hulle sisteem geen plek nie. Dit geld ook vir die Metodistiese prediking wat nog so dikwels in ons land gehoor word.

Mag hierdie toeligting van die Dordtse Leerreëls, die kennis van ons jeug t.o.v. hierdie sentrale gereformeerde waarheid, verdiep. Ons vertrou dat dit vastigheid en koers in u hart en lewe sal gee.

Die nommering van die lesse is in ooreenstemming met die nommering van die Katkisasie-lesblad.

DIE SKRYWER

LES 7

DORDTSE LEERREËLS INLEIDING:

Die Dordtse Leerreëls is een van die drie Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Die gereformeerde beginsels het tydens, en na die Hervorming sterk deurgedring tot die Nederlandse volk. Spoedig het daar egter dwalinge binne die kerk ontwikkel. Die voorstanders van die dwalinge is Remonstrante genoem en hulle dwaalleer die Remonstrantisme, omdat hulle hulle leer in 'n remonstransie, 'n geskrewe uiteensetting, verdedig het. In hoofsaak kom hulle dwalinge daarop neer dat die mens met sy vrye wil vir of teen God moet kies. Jesus het vir alle mense gesterwe en dit hang net van die mens af of hy gered word, of nie. Hy moet net kies. So is die mens die koning op die troon en God is afhanklik van hom.

Die wegbereider van die Remonstrantisme was Coorenhert, later gesteun deur veral Arminius en Utenbogaert. Die Sinode van Dordrecht (1618-1619) het teen hulle dwaalleringe die Dordtse Leerreëls opgestel. Dit beslaan 5 hoofstukke. (Sien agter in Psalmboek pag. 68).

Elke hoofstuk bestaan uit 'n positiewe en negatiewe deel. Positief is vasgelê wat die gelowige volgens die Heilige Skrif bely ten opsigte van die uitverkiesing en daarteenoor is negatief, die dwalinge van die Remonstrante ontmasker en onvoorwaardelik verwerp.

HOOFSTUK 1

As gereformeerde belyders GLO ONS die volgende:

1. Alle mense het in Adam gesondig en die vloek van God en ewige dood skuldig geword. God sou niemand onreg aandoen as Hy hulle deur hulle moedswillige ongehoorsaamheid (sien vraag 9 Heidelbergse Kategismus) in die ewige vervloeking laat bly het nie. (Vgl. Rom. 3:19 en 23; Rom. 6:23).
2. Uit al die mense, wat almal deur eie moedswillige ongehoorsaamheid in die sonde geval het en so deur hulle eie skuld verlore gaan, het God vir Hom sy kinders uitverkies tot die ewige lewe. Dit het geskied nog voor die grondlegging van die wêreld. (Ef. 1:4). Volgens God se eie wil het Hy besluit wie Hy uitverkies, vgl. Ef. 1:5. Dit geskied dus alles volgens sy voorbeskikking. Sy wil is dus die grondsteen van die uitverkiesing. Die wat Hy nie uitverkies nie, het Hy gelaat in hulle boosheid waarin hulle hulleself moedswillig gewerp het. Dit word genoem sy besluit van verwerping. (Lees: Ef. 1; Rom. 9 en 10; NGB. art. 16).
3. Hulle wat God volgens sy eie wil uitverkies het moet nou tot die geloof kom. Dit doen die Here deur predikers uit te stuur wat die Evangelie van verlossing uit genade deur Jesus Christus, gaan verkondig aan alle volke. So word hulle geroep tot die geloof. Diegene wat glo, word van die toorn van God en van die ewige verderf verlos en met die 'ewige lewe begiftig.' Sommige sal nie glo nie. Hulle gaan ewig verlore. Die oorsaak van hulle ongeloof lê egter nie in God wat hulle nie uitverkies het nie, maar wel in die mens se eie moedswillige ongehoorsaamheid. (Vgl. Heid. Katg. vr. 9). Hoe kom dit nou dat die mens glo? Is dit 'n prestasie uit en deur die mens self? Nee, dit is 'n genadegawe van God waardeur die uitverkorenes deel kry aan Christus. Ef. 2:8. Die Here het sy kinders dus eers uitverkies en daarna begenadig met die gawe van die geloof. Die uitverkiesing rus dus nie op enige goeie hoedanighede van die mens nie, intendeel die geloof, gehoorsaamheid, heiligheid is vrug van die uitverkiesing en nie die oorsaak daarvan nie.
4. Bogenoemde uiteensetting van die uitverkiesing mag klink na 'n ingewikkelde leerstuk wat ons glo en aanvaar maar wat eintlik buite die kring van ons hart en lewe staan. Niks is verder van die waarheid nie. Calvyn het die uitverkiesing genoem die "cor ecclesiae", die hart van die kerk. So staan dit ook in die sentrum van ons

geloofslewe. Dit gee ons sekerheid en vastigheid, want ons weet ons verlossing rus in Hom wat ons eerste liefgehad het. Uit onself is ons gans verlore maar Hy red ons uit genade. Dit is 'n heerlike troos wat ons uitdryf tot diens en liefde. Hoe sal ons dan nie diep ootmoedig en in nederigheid van hart Hom dien uit dank vir sy barmhartigheid en onuitspreeklike genade nie!

5. Die mens wat hom in hoogheidswaan wil handhaaf, kom soms in verzet teen die leer van die uitverkiesing. Dit is vir hulle te hard, en vir die mens wat self iets wil doen, om die ewige lewe te beërwe, te vernederend. Die Heilige Skrif sê egter: "Wie is jy, o mens wat teen God antwoord". (Rom. 9:20). Diegene daarenteen wat die uitverkiesing met eerbied aanvaar, vind daarin, net soos die hervormer Calvyn, rede tot roem en prys van die Here. Vgl. Rom. 11:33-36.

VRAE:

1. Waarom is alle mense die dood skuldig?
2. Lees Ef. 1:5, Wat is hiervolgens die grondsteen van die uitverkiesing?
3. Kan u uit Ef. 1:4 aflei wanneer God uitverkies het?
4. Wat is die besluit van verwerping?
5. Waarom moet die Evangelie nog verkondig word?
6. Kan u uit Ef. 2:8 'n antwoord gee op die vraag na die oorsprong van die geloof?
7. Moet u nog goeie werke doen? Waarom?
8. Waarom verwerp mense die uitverkiesing?

LES 8

VERWERPING VAN DWALINGE

Ons verwerp die volgende dwalinge van die Remonstrante:

1. Ons lees in Hand. 13:48 "en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe", Vgl. ook Ef. 1:5. Wat lei u hieruit af?

Ons glo die Here het eers besluit wie Hy volgens sy wil verordineer of voorbeskik of verkies tot die ewige lewe, en toe het Hy hulle tot die geloof gebring.

Die Remonstrante leer dat die Here vooruit gesien het wie sal glo en toe het Hy verkies. So maak hulle God se verkiesing afhanklik van die mens en sy prestasie om te glo, en verwerp die voorbeskikking van God.

Is die geloof 'n prestasie van die mens?

Hoe kan u dit weerlê uit Ef. 2:8.

2. Wat lei u uit 2 Tim. 1:9 af t.o.v. ons werke? Wat beteken die woorde "maar volgens sy eie voorneme" in hierdie vers?

Wat is die sentrale inhoud van hierdie vers? Teenoor hierdie Skrifwaarheid sê die Remonstrante dat ons onvolmaakte werke as ook ons daad om te glo waardig is om met die ewige lewe bekroon te word. Hulle verwerp dus die wil van God wat kan besluit, en die verlossing uit genade alleen deur Jesus Christus. Vgl. Ef. 2:5.

3. Lees Ef. 2:3-9.

Hoe word ons gered volgens verse 8 en 9? Kan u die dwaalleer onderken in die volgende stelling: "Die Remonstrante leer dat om uitverkies te word, word vereis dat die mens die lig van sy verstand reg moet gebruik, vroom moet wees, klein en nederig moet wees, geskik vir die ewige lewe omdat die uitverkiesing hiervan afhanklik is".

4. Ons glo God se verkiesing is onveranderlik. As Hy eenmaal verkies het, word sy besluit nooit weer verander nie. Dit staan vas. Hoe kan u dit bewys uit Rom. 8:30.

Teenoor hierdie waarheid onderskei die Remonstrante tussen 'n beslissende en nie-beslissende uitverkiesing. Die nie-beslissende uitverkiesing is nie finaal nie. Die gelowige kan volgens hulle, weer 'n totale ongelowige word. Hy kan vandag bekeerd wees en môre weer onbekeerd. Die beslissende uitverkiesing hang van die geloof self af. Dit kom eers dán tot stand wanneer hy volhard in die geloof, bekering en heiligmaking. So hang die uitverkiesing van die mens af en is dus veranderlik. So word ook God as 'n veranderlike wese voorgestel Kan u hierdie dwaling weerlê uit Jak. 1:17?

5. Die Remonstrante verloën ook die leerstuk van die verwerping. Hulle leer dat God oor niemand besluit het om hom in die val van Adam en van die sonde en verdoemenis te laat bly nie. Die Here verwerp nie, aldus die Remonstrante, maar Hy stuur die Evangelie van genade na een volk en nie na 'n ander nie, omdat die een volk waardiger is as 'n ander. Die staat van die mens, en nie God se raad nie, beslis dus oor sy ewige wel of wee. Die dwalinge behels dus die volgende hoofgedagtes:

(1) Dit verwerp God se soewereine wil God het, volgens die Remonstrante, nie self in die ewigheid besluit oor die mens se verlossing of verwerping nie.

(2) Die uitverkiesing is afhanklik van die mens en sy beslissing. God verkies omdat Hy vooruit kon sien wie sal glo.

(3) Die mens moet eers sekere dinge presteer voordat hy verkies kan word.

(4) Die verkiesing is veranderlik. 'n Uitverkorene van vandag beërf nie noodwendig

die ewige lewe nie. Mōre is hy weer nie 'n uitverkorene nie.
(5) Die mens se eer en vrye wil word geroem en nie die eer van God nie.

LES 9

HOOFSTUK 2

In die hoofstuk word die verhouding aangetoon tussen die uitverkiesing, die soenoffer van Christus en die verkondiging daarvan aan die wêreld.

Ons wil dit wat ons bely onder die volgende hoofpunte saamvat:

1. In sy geregtigheid eis God dat die sonde gestraf moet word, (Vgl. Heid. Kateg. Sond. 4, Gen. 2:17).

Ons kan van die straf alleen vryraak as aan die geregtigheid van God voldoen word. Hiertoë het Jesus Christus, ons Borg, aan die kruis gely en gesterf en is sy voldoening oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen. (Hfst. 2, par. 3). Vgl. Rom. 1:16 en 17.

2. Elkeen wat in Jesus Christus glo, sal die ewige lewe beërwe. Hierdie Evangelie moet aan alle volke waar dit God mag behaag om dit heen te stuur, verkondig word, "met die bevel van bekering en geloof. (Hfst. 2 par. 5 Matth. 28:19, Mark. 16:15).
3. Dit is hulle eie skuld dat baie wat geroep word, nie tot die geloof kom nie. Daarenteen, die wat glo, geniet die weldaad alleen uit die genade van God wat aan hulle van ewigheid af in Christus gegee is.

Dit is die geheel vrye wil en daad van God dat Hy die genade, deur die soenoffer van Jesus Christus verwerf, alleen bevestig aan die harte van sy uitverkorenes. Hierdie werk van God in die harte van sy uitverkorenes kan deur niks en niemand gekeer word nie. Daar sal altyd 'n Kerk wees en die volle getal van uitverkorenes sal deur die verkondiging van die Evangelie ingesamel word.

Samevattend handel hierdie hoofstuk oor die volgende:

1. Die verlossing is alleen uit genade deur die soenoffer van Jesus Christus.
2. Hierdie Evangelie moet op Gods bevel verkondig word aan die hele wêreld.
3. God bevestig hierdie Evangelie aan die harte van sy uitverkorenes en sal hulle so insamel tot op die laaste dag.

VRAE:

1. Wat is die eis van God se geregtigheid t.o.v. die sonde?
2. Moet die Evangelie net aan die uitverkorenes verkondig word?
3. Waarom glo sommige en ander nie?
4. Wie se skuld is dit dat sommige nie glo nie?

LES 10

VERWERPING VAN DWALINGE

Ons verwerp die volgende dwalinge van die Remonstrante:

1. Jesus Christus, so leer die Remonstrantse dwaalleraars, het gely en gesterf sonder dat die Here 'n besluit geneem het tot die redding van sondaars. Die moontlikheid bestaan dus dat nie een enkele sondaar gered sal word nie. Dit versmaad die wysheid van God en is in stryd met die woorde van Christus self: "Ek lê my lewe af vir die skape, en Ek ken hulle". (Joh. 10 :15, 27).

Hieruit is dit tog duidelik dat Christus spreek van sy "skape" wat Hy "ken".

2. Met sy dood het Christus nie die verbond van genade bevestig nie, aldus die Remonstrante, maar Hy het slegs die moontlikheid vir die Vader geskep om weer met die mense 'n verbond van genade of werke op te rig. Dit is in stryd met Hebr. 7:22. Hiermee hang saam die verdere dwaling dat Jesus vir almal gesterf het en dat dit slegs afhang van die vrye wil van die mens of hy gered word. So kan niemand of selfs almal gered word. Christus het dus nie die werklikheid nie, maar die moontlikheid tot verlossing daargestel. Die mens moet deur sy eie keuse die moontlikheid tot werklikheid maak. Die mens moet dus die kanse gryp wat hy kry, want Christus het nie net vir die uitverkorenes gesterf nie. Dit is vir elkeen moontlik om salig te word. Dit is 'n Pelagiaanse dwaling (D.L. Hfst. 2 par. 3 en 6 onder Dwalinge).
3. Die mens, aldus die Remonstrante, word regverdig, nie deur die geloof in die verdienste van Christus nie, maar omdat sy geloof en geloofsgehoorsaamheid deur God gereken word as 'n volmaakte gehoorsaamheid van die wet. Met sy geloof verdien hy dus die verlossing. Dit stryd met die regverdigmaking soos geleer deur die Heilige Skrif. (Vgl. Rom. 3:24 en 25, Ef. 2:8 en 9).
4. Die Remonstrante verwerp die leerstuk oor die erfsonde. Ons leer dat alle mense in sonde ontvang en gebore word. (Vgl. Ef. 2:3. Lees NGB. art 15).
5. Ten slotte verwerp ons hulle dwaling dat Christus vir diegene wat "ten hoogste deur God herwin word en wat Hy tot die ewige lewe uitverkies het, nie kon en nie moes sterwe nie en ook nie gesterf het nie, omdat hulle die dood van Christus nie nodig het nie". (Hfst. 2, Dwalinge par. 7). Dit maak die lyde en sterwe van Christus sinloos. Gal. 2:20 leer duidelik: "Christus het my liefgehad en het Homself vir my oorgegee".

Samevatting:

Die dwalinge onder Hfst. 2 kom in hoofsaak hierop neer dat Christus se lyde en 'sterwe die saligheid moontlik gemaak het en nou hang dit net van die mens se vrye wil af of hy dit in sy lewe 'n werklikheid wil maak. Die mens beskik dus oor sy ewige redding of verwerping.

LES 11

HOOFSTUK 3 en 4

Die hoofstuk handel oor wat ons glo en bely t.o.v. die mens se verdorwenheid en sy bekering tot God. Ons vat dit saam onder die volgende hoofpunte:

1. Die mens is geskape na die beeld van God, Gen. 1:26. (Sien Heidelbergse Kategismus Sond. 3). Hy het mooi gawes gehad maar deur die ingewing van die duiwel en sy eie vrye wil het hy in sonde geval en is hiervan beroof. Die sonde van Adam het oorgegaan op al sy nakomelinge sodat elke klein baba in sonde gebore word. (Ps. 51:7). Dit noem ons die erfsonde. Vgl. N.G.B. art. 15). Dit maak ons onbekwaam vir enige goed en geneig tot alle kwaad. Die mens kan en wil uit homself nie tot God terugkeer nie tensy hy deur die Gees van God wedergebore word. (Vgl. H. Kateg. Vr. 8). Die mens kan homself dus nie red nie, nog deur die enkele straal tjies van die lig van die natuur wat in hom oorgebly het, nog deur die volbrenging van die Wet van Moses. Hy kan alleen gered word deur die soenverdienste van Jesus Christus.

2. In die Nuwe Testament, waar die ware godskennis nie net beperk is tot Israel nie, het die Here gelowiges uit baie volke vergader.

Dat gelowiges uit sommige volkere vergader word, moet nie aan hulle eie waardigheid toegeskryf word nie. Dit is te danke aan die vrye wil en onverdiende liefde van God. Diegene wat dus deel kry aan die genade moet dit aanvaar met 'n nederige en dankbare hart. Dit is uitsluitlik deur die Here in hulle hart gelê.

3. Wie deur die prediking van die Woord geroep word tot die geloof in Christus, word met alle erns geroep. Die Here beloof aan almal wat in Hom glo, die ewige lewe. Dat sommige nie bekeer raak nie, is nie die skuld van God of van die Evangelie nie. Dit is deur hulle eie ongehoorsaamheid, sorgeloosheid en hardheid van hart

Dat sommige daarenteen bekeer word, moet nie aan die mens se goedheid en gewilligheid toegeskryf word nie maar alleen aan die genade van die Here. Hy alleen moet daarvoor geroem word. Hy verlig die hele mens sodat hy vrugte van goeie werke kan voortbring.

4. Hierdie algehele vernuwing van die mens word genoem die wedergeboorte. Dit is 'n kragdadige verborge werking van die Heilige Gees waardeur die Here van die mens 'n geheel nuwe mens maak, sodat hy kan glo en hom kan bekeer. Tereg word dus gesê dat die mens glo en hom bekeer deur die genade wat hy ontvang het.

5. So is niks, nie die wedergeboorte, geloof of bekering afhanklik van die vrye wil van die mens nie. God gee dit uit genade. En tog werk die Here se genade nie buite die vermoëns van die mens om nie. Die mens word nie soos 'n dooie stuk hout behandel nie. Die Here buig sy verstand, wil en gevoel sodat hy die Here gewilliglik gehoorsaam en Hom dien.

Om dit te kan doen moet die gelowige ywerig gebruik maak van die Woord en die Sakramente, die middele waardeur die Here die genade in ons hart wil werk en versterk.

Samevatting:

1. Ons het almal deel aan die sonde van Adam.
2. Ons is deur die sonde so verdorwe dat ons ons uit onself nie kan verlos nie en die Here ook nie kan en wil soek nie.
3. Die Here roep tot die geloof deur die prediking van die Evangelie. Dat sommige glo, is alleen genade. Sommige gaan verlore deur hulle eie hardheid van hart

4. Die geloof en bekering het as diepste wortel die wedergeboorte, 'n algehele vernuwning van die mens deur die Heilige Gees.
5. Dit wil nie sê dat die mens soos 'n stuk hout geen verantwoordelikheid het nie. Hy moet ywerig soek na die Woord en Sakramente.

VRAE:

1. Kan die mens homself red? Gee die rede vir u antwoord?
2. Waarom maak die leerstuk oor die uitverkiesing ons nederig en ootmoedig?
3. Wat is die wedergeboorte? Wat is die verband daarvan met die uitverkiesing?
4. Wat word met hierdie woorde bedoel: die Here behandel die mens nie soos 'n dooie stuk hout nie?
5. As ek glo dat ek 'n uitverkorene is, waarom moet ek dan nog kerk toe gaan?

LES 12

VERWERPING VAN DWALINGE

Ons verwerp die volgende dwalinge van die

Remonstrante:

1. Ons lees in Rom. 5:12. "Daarom soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het..." Wat lei u hieruit af t.o.v. die erfsonde en die straf op die erfsonde? Teenoor hierdie Skrifwaarheid leer die Remonstrante dat die erfsonde nie genoegsaam rede is om die menslike geslag te veroordeel en hom tydelike en ewige straf toe te dien nie.
2. Die mens, aldus die Remonstrante, het 'n vrye wil wat in sigself nie deur die sondeval verdorwe is nie. Dit is 'n vrye aangebore krag, wat uit homself goeie dinge kan wil en kies. Die mens kan dus self kies of hy wil salig word of nie. Hoe kan u dit weerlê uit Ef. 2:3 asook uit Filip. 2:13?

3. Lees Ef. 2:1 en 5.

Wat lei u hieruit af t.o.v. die natuurlike, onwedergebore mens? Hierteenoor leer die Remonstrante dat die natuurlike, onwedergebore mens nie dood is in die sonde nie. Daar is in hom nog iets wat goed en gaaf is. Hy kan uit homself nog treur oor sy sonde, en honger en dors na die geregtigheid.

4. Hieruit vloei hulle volgende dwaling dat die verdorwe mens, deur die goeie gawes wat in hom oorgebly het te gebruik, nog tragsgewyse kan kom tot die kennis van die saligmakende genade. So kan en wil God Christus aan alle mense gee, omdat alle mense in staat is om in Hom te glo. Kan u dit weerlê uit Ps. 147:19 en 20 asook Hand. 16:6 en 7.
5. Die geloof, aldus die Remonstrante, is dus nie 'n genadegawe van God nie. Dit is slegs 'n daad van die mens, trouens by die ware bekering word geen nuwe hoedanighede of gawes in die hart van die mens gestort nie. Die mens glo dus, volgens die dwaalleraars, wanneer hy wil Lees Ef. 2:8 en Rom. 5:5.

Hoe sal u hieruit hulle dwaalleer weerlê?

6. In Eseg. 36:26 lees ons: "En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. Hieruit lei ons af dat die Here kragdadig ingryp by die vernuwing en redding van die sondaar. Die Remonstrante daarenteen leer dat God die sondaar maar liggies aanraak, daarom is dit vir die mens moontlik om sy eie wedergeboorte te verhinder. So kan die mens die Here teëstaan en afweer en is Hy dus onderworpe aan die wil van die mens.

Wat lees u hierteenoor in 2 Petrus 1:3?

Samevatting:

Die mens is, aldus die Remonstrante, nie so verdorwe dat hy dood is in die sonde nie. Hy het 'n vrye wil waarmee hyself besluit of hy deel wil hê aan die genade of nie. Uit sy eie vrye wil kan hy dus selfs sy wedergeboorte teëstaan. So ontvang die mens die eer vir sy verlossing en nie die Here nie.

LES 13

HOOFSTUK 5

Hierdie hoofstuk handel oor wat ons bely t.o.v. die volharding van die gelowiges. Ons glo dat as jy eenmaal die ware saligmakende geloof ontvang het, jy dit nooit weer verloor nie. Ons trek dit saam in die volgende hoofgedagtes:

1. Ons doen nog altyd sonde:

Ook die uitverkorene doen nog daagliksonde. Om hierdie rede moet ons ons gedurigdeur voor die Here verootmoedig. Vanweë die sonde in ons en vanweë die aanvalle van die wêreld en Satan, kan ons nooit uit onself staande bly nie. Maar nou, die Here is getrou, Hy bewaar ons in die geloof tot die einde toe.

2. Tog moet ons waak:

As die Here ons in die geloof staande hou, wil dit nie sê dat ons nie moet waak teen die sonde nie. Deur ons eie skuld volg ons tog nog dikwels die begeerlikhede van die vlees en verval in "sware en ook gruwelike sondes", soos Dawid, wat ontug en moord gepleeg het, en Petrus wat die Here verloën het. Met sulke sondes oonteer en vertoorn ons die Here, en bedroef ons die Heilige Gees.

3. Ons bly in die genade:

Ondanks ons sonde, neem die Here, kragtens sy onveranderlike voorneme van sy ewige verkiesing, sy Gees nooit van ons weg nie. 'n Uitverkorene verloor nooit geheel en al die genade nie en kan nooit na die verderf gaan nie. 'n Mens kan dus nie vandag 'n gelowige kind van die Here wees, wat die hemel sal beërwe en môre weer 'n onbekeerde kind van Satan, wat hel toe gaan nie. Selfs in die diepste val van die gelowiges, word die uitverkiesing en wedergeboorte nie vernietig nie en word hulle weer gelei tot hartlike berou en tot vreugde in die genade van Jesus Christus.

4. Dit is alleen God se werk:

Dit is nie uit homself dat die gelowige in die geloof volhard nie, dit is God wat hom in sy almag en barmhartigheid en onveranderlikheid daarin staande hou. Die verdienste en voorbidding van Christus en verseëling deur die Heilige Gees, kan deur niks kragteloos gemaak word nie.

5. Die gelowige sekerheid:

Die gelowiges kan sekerheid hê in hulle hart dat ook hulle in die geloof sal volhard en die saligheid sal beërwe.

Die sekerheid spruit uit die geloof wat vashou aan die beloftes van God in sy Woord, asook uit die getuigenis van die Heilige Gees in ons hart dat ons kinders van God is. Soms kom daar vertwyfeling in ons hart maar ons weet verseker: die Here laat ons nooit los nie.

6. Maak dit ons nie sorgeloos nie?

Die leerstuk maak ons nie sorgeloos nie. 'n Uitverkorene redeneer nooit: die Here sal wel sorg dat ek die saligheid beërwe, ek kan nou maar doen en lewe soos ek wil. So spot spotters daarmee en word dit deur huigelaars misbruik. Nee! die sekerheid van die volharding in die geloof werk juis in ons nederigheid, godsaligheid, kinderlike vrees, standvastigheid, vurige gebed en bestendige blydschap in God. Dit prikkel ook tot dankbaarheid in goeie werke teenoor God vir sy onuitspreeklike genade en trou.

Hierdie leerstuk bemin ons as 'n skat van onwaardeerbare prys.

Samevatting

1. Al is ons uitverkies doen ons nog steeds sonde.
2. Ons moet dus waak teen die versoeking van Satan.
3. Die Here hou ons tog staande in die geloof, selfs in ons diepste val en laat ons volhard tot die einde.
4. Die Heilige Gees werk in ons hart sekerheid van hierdie ewige verkiesing en volharding.
5. Dit maak ons nie sorgeloos en onverskillig nie, intendeel dit dryf ons tot kinderlike vrees en diens van die Here uit dank vir sy genade en trou.
6. Die leerstuk van die volharding is vir ons tot ryke troos en verkondig die eer van die Naam van die Here.

VRAE:

1. Doen die uitverkorenes ook nog sonde?
2. Waarteen moet ons gedurig waak?
3. Wat beteken dit om die Heilige Gees te bedroef?
4. Kan jy vandag 'n gelowige wees en môre weer 'n ongelowige?
5. Kan jy met jou sonde die uitverkiesing tot niet maak?
6. Hoe kry ons sekerheid van ons uitverkiesing?
7. Werk die leerstuk van die uitverkiesing dan nie onverskilligheid in die hand nie?
8. Waarom doen die uitverkorene nog goeie werke?

LES 14

VERWERPING VAN DWALINGE

Aangesien ons glo en bely dat die gelowiges, deur die genadekrag van God, volhard in die geloof tot die einde toe, verwerp ons die dwalinge van die Remonstrante wat die teenoorgestelde wil leer.

1. Lees Rom. 8:32 tot 35. Wat lei u hieruit af t.o.v. die volharding van die heiliges? Kan u die dwaling van die Remonstrante, dat die mens uit sy eie vrye wil volhard en dat dit nie vrug is van God se uitverkiesende genade nie, hieruit weerlê? Hulle maak so die mens 'n rower van die eer van God. (Vgl. Hfst. 5: Verwerping van die dwalinge par. 2).
2. Kan u hulle dwaling, dat ware gelowiges uit die genade kan uitval en so vir ewig verlore kan gaan, weerlê uit Joh. 10:28 en 29? Met hulle dwaalleer, wil hulle die mens met sy sonde, sterker voorstel as die genade en verdienste van Jesus Christus.
3. Hulle gaan van kwaad tot erger in hulle dwalinge, en leer dat ware gelowiges selfs die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees kan begaan, en so ewig verlore kan gaan.

Lees hierteenoor 1 Joh. 5:16-18.

Wat word in vers 16 bedoel met die woorde "daar is 'n sonde tot die dood"?

Wie word in vers 18 van hierdie "sonde tot die dood" uitgesonder?

4. Volgens hulle dwaalleer kan die gelowige alleen sekerheid van sy verlossing kry, as die Here buite sy Woord en Gees om, Hom weer op 'n buitengewone wyse aan die sondaar openbaar. Hierdeur wil hulle die vaste troos van die ware gelowiges in hierdie lewe wegneem. Ons glo: die gelowige het vaste sekerheid kragtens sy kindskap in Jesus Christus, en die vastigheid van sy beloftes. Vgl. Rom. 8:38 en 39 en 1 Joh. 3:24.
5. Lees 1 Joh. 3:2 en 3. Wat lei u hieruit af? Wat beteken die woorde in vers 3 "reinig homself soos Hy rein is". Kan u hieruit die Remonstrantse dwaling weerlê, wat leer dat die leerstuk van die volharding, onverskilligheid en roekeloosheid in die hand werk?
6. In 1 Petrus 1:23 lees ons dat ons wedergebore is uit onverganklike saad. Die Remonstrante sê: nee, dit is verganklike saad, want jy kan jou wedergeboorte verloën en herhaalde male daarna weer eens wedergebore word. Hiermee loën hulle die onverderflikheid van die saad van God.

7. Lees Luk. 22:31

Wie het hier gebid?

Waarvoor het Hy gebid?

Lees ook Joh. 17:11, 15 en 20.

Wie het hier gebid?

Vir wie bid Hy?

Waarvoor bid Hy?

Kan u die Remonstrantse dwaalleer dat Christus nêrens gebid het dat die gelowiges in die geloof onfeilbaar sal volhard nie, hieruit weerlê?

Samevatting van Remonstrantse dwalinge:

1. As die mens volhard in die geloof is dit sy eie vrye wil wat daartoe besluit en doen.

2. Jy kan vandag glo en môre weer totaal 'n heiden wees, vandag kind van God en môre weer kind van Satan.
3. Christus het nêrens die volharding geleer nie en buitendien, sê hulle, maak dit mense onverskillig.

Slotopmerking:

Geagte kinders, ons het nou aan die einde gekom van die behandeling van die leerstuk van die uitverkiesing, asook die dwalinge daaromtrent, wat ons onvoorwaardelik verwerp. Nou 'n paar vrae op u hart af:

- (a) Is die uitverkiesing ook vir ons as nietige sondaars 'n ryke troos? Waarom?
- (b) Gee dit ook aan julle vastigheid en koers in die lewe?
- (c) Dryf dit jou ook uit tot diens van God in dankbaarheid vir sy onuitspreeklike genade en trou in Jesus Christus?
- (d) Leer jy ook uit die uitverkiesing van God dat die eer van God, en nie die roem van mense nie, deur jou in alles gehandhaaf en geprys moet word? Is dit 'n waarheid wat kragtig werk in jou lewe?